

Senwes

# GEÏNTEGREERDE VERSLAG 2015



MEER AS NET LANDBOU



Senwes   
village

Senwes   
credit

Senwes   
grainlink

TradeVantage™

“ DIE SENWES GROEP  
HET 'N GEÏNTEGREERDE  
BESIGHEIDSMODEL WAT SY  
KERndoelstelling FASILITEER,  
NAAMLIK OM OP 'N VOLHOUBARE  
WYSE 'N BETEKENISVOLLE  
BYDRAE TE LEWER TOT VOEDSEL-  
SEKERHEID IN SUID-AFRIKA. ”






# INHOUDSOPGawe

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	2
BEKENDSTELLING AAN SENWES	3
SENWES GROEPSTRUKTUUR	4
MEER OOR DIE VERSLAG	5
VOORSITTERSVERSLAG	10
ONS RAAD VAN DIREKTEURE	12
VERKORTE KORPORATIEWE BEHEERVERSLAG	16
VERSLAG VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR	20
VOLHOUBAARHEIDSBESTUUR	31
FINANSIËLE OORSIG	44




# FINANSIËLE HOOGTEPUNTE


## 1. FINANSIËLE PRESTASIE



## 2. BELEGGERSWAARDE



## 3. RISIKOPROFIEL





# BEKENDSTELLING AAN SENWES

Senwes is een van die toonaangewende landboubesigheidsmaatskappye in Suid-Afrika en het oor die afgelope 106 jaar 'n trotse geskiedenis van diens aan die landbousektor opgebou. Die maatskappy is stewig gevestig in Klerksdorp in die Noordwes provinsie. Die Senwes Groep van maatskappye rus op drie pilare – Insetverskaffing, Finansiële en Tegniese Dienste en Markttoegang in die Noordwes, Vrystaat, Gauteng, Mpumalanga, KwaZulu-Natal, Oos-Kaap, Noord-Kaap en Wes-Kaap. Die Senwes Groep het 'n geïntegreerde besigheidsmodel wat sy kerndoelstelling faciliteer, naamlik om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot voedselsekerheid in Suid-Afrika.




Kyk die 2015 Senwes Korporatiewe Video  
[www.senwes.co/KorporatieweVideo2015](http://www.senwes.co/KorporatieweVideo2015)

“ SENWES IS  
EEN VAN DIE  
TOONAANGEWENDE  
LANDBOUMAATSKAPPYE  
IN SUID-AFRIKA  
EN HET OOR DIE  
AFGELOPE 106 JAAR 'N  
TROTSE GESKIEDENIS  
VAN DIENS AAN DIE  
LANDBOUSEKTOR  
OPGEOBU. ”



# SENWES GROEP-STRUKTUUR





# MEER OOR DIE **VERSLAG**

**D**ie inhoud van die verslag dek die periode 1 Mei 2014 tot 30 April 2015.

Die inligting is verskaf ooreenkomsdig die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), die Maatskappywet van Suid-Afrika Nr. 71 van 2008, (soos gewysig), die King Beheerbeginsels vir Suid-Afrika van 2009 (King III), die Departement van Handel en Nywerheid se Bedryfskodes vir Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging en die Global Reporting Initiatives se G4-riglyne vir volhoubare rapportering.

Dit is ons bedoeling om namens die Senwes Groep van maatskappye op 'n gebalanseerde en verantwoordelike wyse aan ons belanghebbendes te rapporteer deur 'n oorsig te verskaf oor die finansiële indikators, strategie en bestuur van die Groep.

Die tema van hierdie verslag is "Meer As Net Landbou" en ons wil deur die inhoud daarvan ons passiewolle ondersteuning van en betrokkenheid in die landboubedryf demonstreer deur die verskaffing van innoverende en volhoubare oplossings vir alle belanghebbendes regdeur die waardeketting.

Hierdie verslag verskaf inligting aan bestaande en toekomstige vennote en belanghebbendes wat hulle in staat sal stel om ingelige besluite oor die Senwes Groep te neem.

Ten einde 'n omvattende insig in ons besigheid te kry, behoort hierdie verslag saamgelees te word met die volhoubaarheidsverslag, die uitgebreide korporatiewe beheerverslag en die finansiële jaarstate wat beskikbaar is by [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za).

Die verslag dek Senwes Beperk en sy sleutelbedryfsafdelings (Senwes Credit, Senwes Grainlink en Senwes Meganisasie), sowel as Senwes se gesamentlike ondernemings, geassosieerde en filiale.

Die nie-finansiële inligting in hierdie verslag is nie aan 'n onafhanklike oudit of oorsig onderwerp nie en is saamgestel op die basis van interne rekords en publieke inligting onder die toesig van CF Kruger, GR (SA), Groep Finansiële Direkteur.

Ernst & Young Ing. het 'n onafhanklike oudit van die Groep se finansiële jaarstate uitgevoer.

Hierdie geïntegreerde verslag is die verantwoordelikheid van die Raad van Direkteure en die Direksie aanvaar derhalwe aanspreeklikheid vir die integriteit van die inligting hierin vervat. Die Direksie het deeglik oor hierdie verslag besin en is van mening dat alle wesenlike aspekte op 'n redelike wyse aangespreek is.

Danie Minnaar  
Voorsitter  
30 Junie 2015  
*Klerksdorp*

Francois Strydom  
Besturende Direkteur

# ONS VERBINTENIS EN STRATEGIE

## VERBINTENIS

Ons is verbind daartoe om 'n betekenisvolle bydrae tot die volhoubare bestaan van alle belanghebbendes te maak deur volhoubare landbou, deur die verskaffing van innoverende en geïntegreerde oplossings aan voedselprodusente en ander rolspelers in die toepaslike gedeeltes van die voedselwaardeketting.

Ons is ook daartoe verbind om waarde te skep vir al ons belanghebbendes deur die bedryf van volhoubare besigheid, 'n etiese handelswyse, die beskerming van die omgewing en dielewering van bydraes tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van ons werknemers en die gemeenskappe waarin ons besigheid bedryf.

## DIE RESULTATE VAN ONS VERBINTENIS EN STRATEGIE

- Gesonde opbrengs op ekwiteit
- Bestendige dividendopbrengs
- Gebalanseerde hefboomverhouding en kontantgenerering

## ONS WAARDES



### WAARDE

### BESKRYWING VAN WAARDE

#### INTEGRITEIT

Ons doen die regte dinge vir die regte redes en tree te alle tye op 'n etiese wyse op.

#### BESIGHEIDS-ORIËNTASIE

Af ons aksies is gerig op die voldoening aan die behoeftes asook die oplossing van die probleme van ons klante en belanghebbendes op 'n professionele wyse.

#### SELF-MOTIVERING

Ons is gemotiveerd om die Maatskappy se visie en die realisering van ons loopbaanaspirasies na te volg.

#### INNOVASIE

Ons strewe daarna om met die nodige kreatiwiteit, verbeelding en vindingrykheid te soek na oplossings vir die besigheidsuitdagings van ons klante en om te voldoen aan die behoeftes van ons klante.

#### LOJALITEIT

Ons is lojaal teenoor Senwes en tree te alle tye op in die beste belang van die Maatskappy en sy belanghebbendes.

#### AANSPREEKLIKHEID

Ons is verantwoordelik en aanspreeklik vir ons aksies en verbind tot die verskaffing van volledige, eerlike, akkurate en tydige inligting aan al ons belanghebbendes.





# STRATEGIESE BENADERING EN DRYWERS

- Diversifikasie van die besigheid ten einde konsentrasierisiko te verlaag
- Effektiewe horizontale integrasie en konsolidasie van die agri-besigheidsektor ten einde ons nasionale voetspoor uit te brei deur middel van korporatiewe aksies
- Herorganisasie van die besigheidsmodelle
- Vertikale integrasie van die besigheid by wyse van gespesialiseerde fokus in die waardeketting
- Internasionalisering van die besigheid deur strategiese vennootskappe
- Ontsluiting van sinergieë deur gedeelde korporatiewe ondersteuningsfunksies



## STRATEGIESE DOELWITTE

Om volhoubare waarde vir ons belanghebbendes te skep en om 'n voorkeur beleggingsvennoot, werkewer, verskaffer, verspreidingskanaal en korporatiewe burger te wees.

## STRATEGIESE FOKUS


Die strategie is gefokus op groei en diversifikasie deur konsolidasie en integrasie binne die landbou- en voedselwaardeketting.



### STRATEGIESE DOELWIT

Om 'n ten volle geïntegreerde landboubesigheid en 'n rolspeler in die voedselwaardeketting te wees.

## PILARE VAN DIE STRATEGIE





# VOORSITTERSVERSLAG

**E**k rapporteer graag dat Senwes na verwagting presteer het en dat ons op bedryfsvlak die vorige jaar se resultate met relatiewe goeie groei oorskry het. Die tweede grootste graanoes in die geskiedenis het bygedra tot dié goeie prestasie, met ons silo's wat meer as 3 miljoen ton graan en oliesade hanteer het. Die 2015 finansiële jaar het met lae oordragvoorraadvlakke begin en ons het ook die jaar op 'n moeilike noot afgesluit weens die ernstige droogtetoestande.

Weens Senwes se fokus op innovasie en konsolidasie en ons toegewyde bestuurspan kon ons ons markaandeel vergroot, wat addisionele graan deur die silonetwerk tot gevolg gehad het. Dit het op sy beurt weer goeie silo-inkomste tot gevolg gehad.

Weens die sikliese aard van landbou is Senwes se besigheidsmodel so ontwerp om stabiliteit en volhoubaarheid te verseker. Die vorige sirklus het afgeskop met 'n rekord graaninnname, wat awaartse druk op pryse geplaas het. Nader aan die einde van die jaar het die moontlikheid ontstaan dat die oes met 40% tot 50% teenoor die vorige jaar kon verlaag. Dit het 'n impak gehad op verskeie landboubedryfsaspekte regdeur die waardeketting. Dis in sulke tye wanneer die debiteureboek op 'n gesonde vlak moet wees ten einde die nodige ondersteuning te bied aan ons kliënte, wat uitdagings voortspruitend uit moeilike omstandighede in die gesig moet staar.

## INNOVERENDE OPLOSSINGS

Die opgradering van ons silo's, wat produsente in staat sal stel om graan met 'n hoër voginhoud te lewer en om vroeër te oes, is 'n goeie voorbeeld van ons strewe na die ontwikkeling van innoverende en volhoubare oplossings. Hierdie opgradering sal ons ook in staat stel om graan vinniger in te neem en uit te laai, wat op sy beurt weer vinniger geld in die produsent se sak sal plaas.

Ons IT-platform gee steeds die pas aan in die bedryf en die nuutste innovering stel die produsent in staat om sy graan te monitor en te verhandel op 'n intydse basis en daardeur te kapitaliseer op die mees voordelige premies. Ons het ook 'n gespesialiseerde IT-afdeling gevestig wat op nuwe en innoverende IT-oplossings sal fokus.

## KONSOLIDASIE IS STEEDS DIE ANTWOORD

Voedselsekerheid is wat stukrag aan ons bedryf verleen en ons konsolidasiestrategie is onderskryf deur die indrukwekkende prestasie van ons gesamentlike ondernemings en vennootskappe. JDI (John Deere Implemente), Grainovation, Hinterland en Certisure

het weereens baie goeie resultate gelewer.

Ons sal daarmee voortgaan om nuwe moontlikhede en markte te ondersoek in ons strewe daarna om meer waarde vir ons belanghebbendes te skep.

Ek moet ongelukkig die beëindiging van ons vennootskap met Bunge aankondig weens die onvermoë van die besigheidsmodel om ons strategiese en finansiële doelwitte te behaal. Ons stap egter weg van die ondervinding met goeie besigheidsverhoudinge met ons voormalige vennoot en ons bevind ons in 'n beter posisie vanwaar ons geleenthede wat hulle mag voordoen, kan beoordeel.

## BELEGGERS- VERTROUWE

Ons twee grootste aandeelhouders, Senwesbel en Grindrod, het hul aandeelhouding in die maatskappy verhoog. Dit reflekteer hul ondersteuning van en vertroue in die besigheid. Ons verhouding met ons beleggers is daarbenewens op 'n baie goeie vlak, wat dit 'n plesier maak om besigheid met hulle te doen. Grindrod en Senwesbel besit nou gesamentlik 72% van Senwes se aandele en is dit net regverdig om daarop te wys dat dit groter stabiliteit en krag vir die Maatskappy op die pad vorentoe tot gevolg sal hê.

## SOSIO-EKONO- MIESE TENDENSE

Die voortslepende debat in die bedryf oor grondhervormingsuitdagings is 'n belangrike kwessie en Senwes is optimisties dat volhoubare oplossings gevind sal word. Ons het in dié verband aanbevelings en bydraes gemaak tot georganiseerde landbou en die Minister via Agbiz. Ons het ons ook bereidwillig verklaar om 'n bydrae te lewer tot projekte in samewerking met finansiële ondernemings ten einde te verseker dat transformasie wel sal plaasvind. Ons glo dat die





## grondkwessie

lewensbelangrik is vir die bedryf

in terme van die volhoubaarheid daarvan. Die stabilitet van die produsent en die stabilitet van die bedryf is van die uiterste belang vir ons. Ons voortgesette finansiering van grondtransaksies reflekteer ons vertroue dat 'n positiewe en volhoubare oplossing vir die grondhervormingskwessie gevind sal word.

## NASIE IN GESPREK

Die Senwes-geïnisieerde Nasie in Gesprek-platform wat drie jaar gelede van stapel gestuur is, het vanjaar 'n beduidende impak gemaak. Belangrike belanghebbendes, wat die Minister van Landbou insluit, is bymekaar gebring gedurende verfilming van die program by Nampo.

'n Ernstige probleem wat ons land in die gesig staar is die onbetroubaarheid van kragvoorsiening. As noodmaatreël moes ons kragopwekkers by ons silo's en kleinhandelswinkels installeer ten einde te verseker dat besigheid nie onderbreek word wanneer Eskom nie in staat is om krag te voorsien nie. Daarbenewens het ons, as 'n Groep, belangrike krag- en waterbesparingsmaatreëls geïmplementeer en ons gaan voort met die monitering van ons omgewingsimpak.



## RESULTATE

Genormaliseerde wesensverdienste van die Groep het met 77% verhoog na 175 sent per aandeel weens die goeie graanjaar en 'n gevolglike verhoging in die silobedryfsinkomste. Die wins na belasting is R247 miljoen (2014: R251 miljoen). Die Bunge Senwes besigheidsmodel is gevestig ten einde nasionale kommoditeitsurplusse en -tekorte aan te spreek. Die gesamentlike onderneming het egter swak presteer en Senwes het besluit om uit die belegging te onttrek aan die einde van die finansiële jaar. Alhoewel marktoestande vir kapitaalgoedere vanjaar stram was, het die Meganasisieafdeling daarin geslaag om die tweede hoogste wins in sy geskiedenis te genereer.

Besoek [www.senwes.co/NasieinGesprek](http://www.senwes.co/NasieinGesprek) om al die Nasie in Gesprek episodes te kyk.



## DIE PAD VORENTOE

Ons is oor die kort termyn gerat om die effek van die droogte te hanteer deur die optimale bestuur van voorraadvlake, wat volgens alle aanduidings onder die 10 miljoen ton vlak in Suid-Afrika sal wees. Ons soek voortdurend na strategiese vennootskape, nuwe markte en nuwe kommoditeite sodat ons ons portefeuilje kan diversifiseer en minder aangewese kan wees op die dinamika van ons huidige besigheidsareas.

## BEDANKINGS

Namens die Direksie bedank ek graag al ons belanghebbendes regoor die spektrum van die waardeketting vir hul bydrae tot ons sukses. Sonder die onvermoeide pogings van ons personeel, klante, kliënte, besigheidsvennote, verskaffers en die regering, sou ons nie die suksesvolle landboubesigheid gewees het wat Senwes is nie.

'n Spesiale woord van dank aan my mede-direksielede en uitvoerende komitee vir hul ondersteuning en suksesvolle rigtinggewing aan die maatskappy. Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om afskeid te neem van Ruwayda Redfearn – ons sal haar positiewe bydrae mis en ons wens haar alles van die beste toe vir die toekoms. Ons verwelkom ook graag vir Andrew Waller van Grindrod – ons sien uit na sy bydraes – en verwelkom vir Joe Maswanganyi, wat aangestel is as Uitvoerende Direkteur: Strategie, Volhoubaarheid & Korporatiewe Dienste.

Soos altyd eer en erken ons ons Hemelse Vader en dank Hom vir die seën wat op ons uitgestort word.



Danie Minnaar  
Voorsitter: Senwes Beperk  
Klerksdorp  
30 Junie 2015



# ONS RAAD VAN DIREKTEURE



## JDM (DANIE) MINNAAR

### VOORSITTER

- Direkteur sedert September 1999
- Kwalifikasies: B.Com
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Nominasie (Voorsitter) en Belegging
- Ex officio-lid van alle direksiekomitees

Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk



## F (FRANCOIS) STRYDOM

### BESTURENDE DIREKTEUR

- Direkteur sedert Junie 2002
- Kwalifikasies: B.Sc Agric (Hons) (Veekunde)
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko

Ander belangrike direkteurskappe: Directeur van verskeie maatskappye in die Senwes Groep en verwante maatskappye. Hy is ook 'n raadslid van die Noordwes Universiteit en Agbiz



## ZBM (ZARINA) BASSA

- Direkteur sedert Junie 2011
  - Kwalifikasies: B.Com (Rek), Hoër Diploma (Rekeningkunde), GR (SA)
  - Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit en Vergoeding
- Ander belangrike direkteurskappe: Finansiële Diensteraad, Investec Bank, Investec Bpk en Investec Plc; Vodacom Bpk, Yebo Yethu Bpk, Kumba Iron Ore Bpk, Sun International Bpk, Woolworths Holdings Bpk, Oceana Bpk



## SF (STEVE) BOOYSEN

### ONDERVOORSITTER

- Direkteur sedert Oktober 2010
- Kwalifikasies: B.Compt (Hons) (Rek), D. Com, GR (SA)
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit (Voorsitter), Belegging (Voorsitter), Nominasie en Vergoeding

Ander belangrike direkteurskappe: Efficient Groep Bpk, Steinhoff Bpk, Clover Bpk, Vukile Properties Bpk



## JBH (JAMES) BOTHA

- Direkteur sedert Oktober 2009
- Kwalifikasies: B.LC.LLB en HDip (Belasting)
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit en Sosiale & Etiese (Voorsitter)



## AJ (DRIES) KRUGER

- Direkteur sedert Oktober 2007
  - Kwalifikasies: B.Compt (Hons) (Rek), GR (SA)
  - Lidmaatskap van direksiekomitees: Oudit, Belegging en Nominasie
- Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk



## CF (CORNÉ) KRUGER

### FINANSIELLE DIREKTEUR

- Direkteur sedert Augustus 2010
- Kwalifikasies: B.Com (Hons) (Rek), GR (SA)
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko

Ander belangrike direkteurskappe: Direkteur van verskeie maatskappye in die Senwes Groep en ander verwante maatskappye



## NDP (NICO) LIEBENBERG

- Direkteur sedert Augustus 2008
- Kwalifikasies: B.Com (Hons), M. Volhoubare Landbou
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Vergoeding (Voorsitter), Risiko (Voorsitter) en Oudit

Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk



## J (JOE) MASWANGANYI

### DIREKTEUR STRATEGIE, VOLHOUBAARHEID EN KORPORATIEWE DIENSTE

- Direkteur sedert Desember 2014
- Kwalifikasies: B.Com, Nagraadse diploma in Besigheid
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Sosiale & Etiese

Ander belangrike direkteurskappe: Direkteur van verskeie maatskappye in die Senwes Groep en ander verwante maatskappye



## JJ (JACO) MINNAAR

- Direkteur sedert Augustus 2011
- Kwalifikasies: B.Ing. (Landbou)
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko en Vergoeding

Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk, uitvoerende komitee en hoofbestuur van Graan SA



## TF (TOM) VAN ROOYEN

- Direkteur sedert November 2013
- Kwalifikasies: B.Sc Landbou (Hons) (Landbou-Ekonomie)
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Sosiale & Etiese en Risiko  
Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk



## WH (THABO) VAN ZYL

- Direkteur sedert Augustus 2012
- Kwalifikasies: B.Sc Landbou (Landbou-Ekonomie)
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Risiko en Sosiale & Etiese  
Ander belangrike direkteurskappe: Senwesbel Bpk



## AG (ANDREW) WALLER

- Direkteur sedert Desember 2014
- Kwalifikasies: B.Com (Hons) (Rek), GR (SA)
- Lidmaatskap van direksiekomitees: Belegging  
Ander belangrike direkteurskappe: Grindrod Bpk, Grindrod Travel (Edms) Bpk, Grindrod Management Services (Edms) Bpk

## GROEPEKRETARIS



## EM (ELMARIE) JOYNT

### MAATSKAPPYSEKRETARIS EN HOOF REGSADVISEUR

- Aangestel in Februarie 2002
- Kwalifikasies: B.Com (Regte), LLB, FCIS, FCIBM, Prokureur en Notaris van die Hoër Hof  
Ander: Trustee van 'n trust in die Senwes Groep



# VERKORTE KORPORATIEWE BEHEERVERSLAG

## NAKOMING VAN KING III

Die Senwes Groep ("die Groep") bedryf besigheid volgens die hoogste standaarde van korporatiewe beheer en in die belang van alle belanghebbendes. Die Groep se korporatiewe beste praktyke soos vervat in die handves, beleide en bedryfsprosedures en die toepassing daarvan, word gereeld gemeet teen die praktiese realiteit en uitvoering.

Die Direksie het die King III beginsels aanvaar en is tevreden dat die Groep in wese voldoen aan die bepalings en aanbevelings daarin vervat en die aanvaarde beheerraamwerk. Die Groep het die keuse uitgeoefen om nie aan die volgende King III beginsels te voldoen nie weens die huidige aandeelhouerstruktuur:


- Die nie-uitvoerende voorsitter van die Direksie is nie 'n onafhanklike direkteur nie maar word ondersteun deur 'n sterk, onafhanklike nie-uitvoerende ondervoorsitter;
- Die Direksie bestaan nie uit 'n meerderheid onafhanklike direkteure nie;
- Die voorsitter van die Direksie is die voorsitter van die Nominasiekomitee;
- Die voorsitter van die Vergoedingskomitee is nie onafhanklik nie, maar is 'n nie-uitvoerende direkteur.

## AANDEELHOUERSTRUKTUUR

Die twee grootste aandeelhouers het 'n langtermyn strategiese siening van die Groep en het derhalwe die meerderheid verteenwoordig op die Direksie.

Die aandeelhouerstruktuur bepaal die samestelling van die direksie soos hieronder aangedui:

SENWES SHARE INCENTIVE SCHEME TRUST



**SENWES GROEP UITVOERENDE KOMITEE (VAN LINKS NA REGS):** ALF WHITE (Groepbestuurder: Inligtingstegnologie), PIETER MALAN (Uitvoerende Bestuurder: Grainlink), PIETER SWART (Uitvoerende Bestuurder: Credit), CHRISTO BOYENS (Besturende Direkteur - TradeVantage), JOHAN LE GRANGE (Groepbestuurder: Korporatiewe Finansies), ELMARIE JOYNT (Groepssekretaris en Hoof Regsadviseur), JOE MASWANGANYI (Groep Uitvoerende Direkteur), FRANCOIS STRYDOM (Groep Besturende Direkteur), CORNÉ KRUGER (Groep Finansiële Direkteur), WIKUS GROBLER (Groepbestuurder: Finansies en Tesourie), FERDI PIETERSE (Uitvoerende Bestuurder: Meganasisie), MARTIN VAN ZYL (Groepbestuurder: Innovasie en Geïntegreerde Oplossings), FRANS DU PLESSIS (Besturende Direkteur: Hinterland) en DIRK OPPERMANN (Groepbestuurder: Interne Oudit).



“ GEEN ENKELE INDIVIDU KAN ONBEHOORLIKE INVLOED OP DIE BESLUITNEMINGSPROSSES UITOEVEN NIE ”

## DIE DIREKSIE

Die feit dat sterk, onafhanklike nie-uitvoerende direkteure op die Direksie aangestel is, met 'n sterk uitvoerende bestuurspan, verseker dat geen enkele individu onbehoorlike invloed kan uitoefen op die besluitnemingsproses nie.

Die volgende direksieveranderinge het gedurende die jaar onder oorsig plaasgevind:

- Me Ruwayda Redfearn, wat Grindrod verteenwoordig, het weens gesondheidsredes bedank en mnr Andrew Waller, Hoof Finansiële Beampete van Grindrod, is in haar plek aangestel.
- Mnr Khutso Mampeule het bedank weens ander verpligte.
- Die uitvoerende direkteurspan is uitgebrei met die aanstelling van mnr Joe Maswanganyi as Uitvoerende Direkteur verantwoordelik vir Strategie, Volhoubaarheid en Korporatiewe Dienste.

Direkteure word genomineer en verkies deur aandeelhouers en voorsiening is gemaak vir 'n driejaar-rotasieprogram. Direkteure word aangestel, onderworpe aan herverkiesing, deur die aandeelhouers ingevolge die Maatskappywet en die Akte van Oprigting ("AVO").

## RAADSVERGADERINGS EN BYWONING VAN RAADSVERGADERINGS

Die Direksie vergader kwartaalliks en gedurende die jaar onder oorsig is twee addisionele vergaderings gehou met spesifieke fokus op strategie en die strategiese finansiële planne van die Groep. Daarbenewens het die Direksie ook sekere besigheidspunte van die gesamentlike ondernemings van die Groep besoek. Die Direksie het via die Nominasiekomitee 'n formele oriënteringsprogram aanvaar en geïmplementeer

en direksielede aangemoedig om kursusse en kongresse by vooraanstaande hoër opleidingsinstansies by te woon.

## DIE ROL EN FUNKSIE VAN DIE VOORSITTER

Die Voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur wat deur die Direksie aangestel word op 'n jaarlikse basis. Mnr Danie Minnaar het sy rol in die verband suksesvol vervul en daarin geslaag om effektiel leiding te gee aan die Direksie. Die amp van Voorsitter en Besturende Direkteur is geskei en die nodige skeiding van pligte word toegepas.

Alhoewel die Voorsitter nie onafhanklik is soos gedefinieer in King III nie, is die Direksie en mnr Minnaar se mede-direkteure van mening dat, gegewe die aandeelhouerstruktur en sy uitgebreide kennis van die kommersiële landbousektor, dit gepas is vir mnr Minnaar om as Voorsitter van die Direksie te funksioneer. Die Voorsitter word ondersteun deur die Ondervorsitter, mnr Steve Booyse, wat ook die Voorsitter van die Oudit- en Beleggingskomitee is.

## DIE ROL EN FUNKSIE VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR EN UITVOERENDE KOMITEE

Die Maatskappy se daagliks korporatiewe en bestuursfunksies word deur die Besturende Direkteur hanteer.

Dit is die plig van die Besturende Direkteur om strategieë en beleide, soos goedgekeur deur die Direksie, uit te voer, om die besigheid te bestuur en om alle opdragte van die Direksie uit te voer. Die Besturende Direkteur word ondersteun deur 'n bestuurspan van 13 lede, wat die Uitvoerende Komitee vorm.

# DIREKSIEKOMITEES

## FUNKSIES EN MANDATE

Die Direksie het 'n aantal komitees gestig wat effektiewe besluitneming faciliteer en die Direksie bystaan in die uitvoering van sy magte en pligte. Die Direksie reserveer egter steeds die wesenlikste besluitnemingsmagte vir homself in terme van die "Reservering van Magte". Die magte en uitvoering van die verantwoordelikhede van elke komitee word gereël deur middel van formele, geskrewe mandate wat jaarliks hersien en goedgekeur word deur die Direksie.

Die huidige direksiekomitees is soos volg:

- Ouditkomitee
- Beleggingskomitee
- Nominasiekomitee
- Vergoedingskomitee
- Risikokomitee
- Sosiale & Etiese Komitee

Die voorsitters van gemelde komitees rapporteer formeel aan die Direksie aan die hand van hul mandate. Die Direksie is tevreden met die aktiewe rol wat elke komitee speel ten einde te verseker dat die verantwoordelikhede van die Direksie behoorlik uitgevoer en aangespreek word.

## TOEGANG TOT INLIGTING

Die Maatskappy voldoen aan die Wet op Toegang tot Inligting, 2000 en 'n handleiding in die verband is beskikbaar op die Maatskappy se webblad.

Aandeelhouers het ook toegang tot die aandeleregister, notules van aandeelhouersvergaderings en inligting met betrekking tot 'n aantal Maatskappysake. Enige navrae kan aan die Maatskappysekretaris as Hoof Inligtingsbeampte gerig word.

## RISIKO- EN VOLHOUBAARHEIDSASPEKTE OP DIREKSIE-VLAK

Senwes Groep Risikobestuur gebruik die COSO Enterprise Risk Management raamwerk as basis vir sy risikobestuursmetodologie. Die COSO-raamwerk is aangepas volgens Senwes se behoeftes en bestaan uit agt interverwante komponente. Dié komponente word afgelei uit die wyse waarop bestuur die besigheid bedryf en is geïntegreer met die bestuursproses. Die komponente is die volgende:

- Interne omgewing
- Doelwitstelling
- Gebeurlikheidsidentifikasie
- Risikobepaling
- Risikoreaksie
- Kontroles
- Inligting en kommunikasie
- Monitering

Die onderliggende basis van risikobestuur in 'n organisasie is dat elke afdeling se bestaan ten doel het om waarde vir sy aandeelhouers te skep. Alle entiteite worstel met onsekerhede en die uitdaging vir bestuur is om te bepaal wat die mate van onsekerheid is wat elke afdeling bereid is om te aanvaar in sy strewe daarna om aandeelhouerswaarde te verhoog. Onsekerheid het beide risiko en geleentheid tot gevolg, met die potensiaal om waarde te verhoog of te verlaag. Ondernemingsrisikobestuur verskaf 'n raamwerk vir bestuur om onsekerheid en gepaardgaande risiko effekief te hanteer en daardeur sy kapasiteit om waarde te skep, te verhoog.

## NAKOMING VAN WETGEWING

Die Direksie aanvaar volle verantwoordelikheid vir nakoming van alle toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes. Dit word via die interne Nakomingskomitee gerapporteer, en daarna aan die Risikokomitee sowel as die Ouditkomitee. Gefokusde aandag word aan nakomingsaspekte regdeur die Maatskappy geskenk.

Geen wesenlike nie-nakomingsaspekte is gedurende die jaar onder oorsig gerapporteer nie. Die Finansiële Intelligenciesentrum (FIC) het 'n roetine-oudit by Senwes uitgevoer, wat bevestig het dat die Groep se nakoming van wetgewing met betrekking tot geldwassery, bekend as FICA, in plek is.

Die Groep Nakomingsplan, wat 'n groepbenadering tot nakoming behels, is amptelik deur die Direksie aanvaar. Die plan is reeds geïmplementeer en fokus op die volgende:

- Identifisering van toepaslike en wesenlike wetgewing per besigheidseenheid
- Evaluering van nakoming by wyse van self-oudit vraelyste
- Deurlopende opvolgaksies en rapportering teen die bepalings van die spesifieke wetgewing
- Sogenaamde paneelbordrapportering aan die betrokke direksie- en bestuurskomitees

## IT-BEHEER

Die IT-beheerraamwerk word aktief bestuur deur 'n IT-bestuurspan as integrale deel van die risikobestuursraamwerk en rapporteer aan, inter alia, die IT-Stuurkomitee. Hierdie strukture en stelsels is ten volle geïntegreer en belyn met Senwes se strategie en prestasie. Uitgebreide besigheids- en IT-rampherselprosesse is in plek en die IT-omgewing word jaarliks onderwerp aan 'n jaareindoudit.

## LOPENDE SAAK

Die Direksie neem kennis van die feite en aannames wat gebruik is om te bepaal of die besigheid sal voortgaan as 'n lopende saak vir die volgende finansiële jaar. Die direkteure het die vermoë van die Maatskappy en sy filiale om voort te gaan as lopende sake beoordeel en het geen rede om te glo dat die besigheid nie as sodanig vir die volgende jaar kan voortgaan nie.

## BELEGGERVERHOUDINGS

Senwes verskaf en hou 'n onafhanklike en aktiewe oor-die-toonbank aandeelverhandelingsmeganisme ("OTC-meganisme") in stand. Aandeelverhandeling word elektronies gedoen volgens die toepaslike wetgewing.

Die markprys van die Senwes aandeel word bepaal deur verhandeling op die OTC en is 'n gesonde prysbepalingsmeganisme. Aandeelhouers het elektronies toegang tot inligting met betrekking tot hul aandele en kan elektronies via die internetplatform stem.

Gedurende die jaar onder oorsig is die Wet op Finansiële Markte, 2012 gepromulgeer en sekere voorskrifte met betrekking tot OTC-markte is deur die Finansiële Diensteraad uitgereik. In terme van die voorskrifte moet OTC-verhandeling deur 'n gelisensieerde beurs bedryf word. Senwes het tydelike vrystelling van gemelde voorskrifte ontvang en is in proses om die mees gepaste aandeelverhandelingsmeganismes te oorweeg. Aandeelhouers en gebruikers van die OTC sal binnekort van Senwes se planne in die verband in kennis gestel word.



Lees die volledige Korporatiewe Beheerverslag [www.senwes.co/Beheer2015](http://www.senwes.co/Beheer2015)



Besigtig die Senwes-aandele [www.senwes.co/SenwesAandele2015](http://www.senwes.co/SenwesAandele2015)

## AANDEELHOUERSINLIGTING EN -SAKE

Aandeelhouersdagboek:

Finansiële jaareinde	30 April 2015
Aankondiging van resultate in media	02 Julie 2015
Indiening van volmagte	26 Augustus 2015 voor 11:00
Algemene jaarvergadering	28 Augustus 2015 om 11:00





# VERSLAG VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR

**D**ie jaar onder oorsig het weereens bewys dat Senwes se strategie goed geplaas is om die onvoorspelbare aard van landboubesigheid te hanteer. Goeie bedryfsresultate en die resultate voortspruitend uit die implementering van ons strategie het tot gevolg gehad dat die prestasie van die Maatskappy aan die verwagtinge voldoen het, niteenstaande die ernstige droogtetoestande van die vorige jaar en die lae oordragvoorraadvlakte. Goeie reëns het egter aan die einde van die vorige finansiële jaar verligting gebring, wat die tweede grootste oes in die geskiedenis van Suid-Afrika tot gevolg gehad het.

Die volhoubaarheid van die Senwes Groep word ondersteun deur 'n strategie wat daarop gemik is om waarde vir ons klante en aandeelhouers te skep deur geïntegreerde, volhoubare besigheidsoplossings.

Ons het in 2010 reeds begin met die uitrol van ons strategie vir 2020. Dit is egter 'n rollende 10-jaar strategie en ons beplan en praat alreeds oor ons strategie vir 2025. Die strategie word uitgevoer deur passiewolle en toegewyde personeel wat die beste stelsels en tegnologie gebruik in die verskaffing van oplossings aan ons belanghebbendes op 'n gefokusde en gedissiplineerde wyse.

In die lig van bogenoemde rapporteer ek graag ons finansiële prestasie, wat die fokus en toewyding soos hierbo na verwys, reflekteer. Ons prestasie vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2015 kan in oorhoofse terme as positief beskryf word.

Ons ondervinding van meer as 'n eeu het ons deur verskeie moontlike scenario's in die landboulandskap geleid. Dit plaas ons in 'n uitstekende posisie om volhoubare goeie opbrengste vir ons aandeelhouers in enige scenario te lewer. Ons strategie is geskoei op die produsent en belanghebbende en is gerat om op 'n deurlopende basis te soek na volhoubare en winsgewende oplossings vir nuwe en bestaande uitdagings in die landboubedryf.



## DIE 2020 STRATEGIE

Met die landboumaatskappy as beginpunt, sal Senwes winsgewende besigheid ontwikkel en waarde toevoeg tot die totale waardeketting. Senwes se 2020 strategie sluit in addisionele beleggings, innovasie en produkontwikkeling, samewerking en vennootskappe en verdere ontwikkeling van die Senwes handelsmerk.

Die volgende strategiese aksies is geïmplementeer, wat ook belyn is met die 2020 strategie:

- Die vestiging van 'n spesialis en gefokusde logistieke vennootskap met die doel om invoere, uitvoere en plaaslike vervoerbehoeftes te bemagtig – Grainovation met Imperial Logistics as vennoot.
- Konsolidasie van die finansiële dienstegroep ten einde 'n meer volhoubare platform te skep vir konsolidasie en uitbreiding na ander markte – Certisure met NWK as vennoot.
- Uitbreiding van die John Deere megalasisieagentskap na die Wes-Kaap – JDI met die Tomlinson familie as vennoot.
- Vestiging van 'n kleinhandelsleier - Hinterland met Afgri as vennoot.
- Betreding van die groothandelsmark (distribusiesentrum) – Prodist met Afgri en LRB (Mica, DIY en House of Paints) as vennote.
- Die herposisjonering van graanverhandeling in Tradevantage ten einde te ontwikkel tot 'n nasionale graanverhandelingsagent (met 'n aanvaarbare SEB-telling).
- Die uitbreiding van kapasiteit in die kalkbedryf en die verkryging van 'n groter aandeel in die besigheid – Grasland met NWK as vennoot.
- Die belyning van personeel met aandeelhouers oor die lang termyn deur die vestiging van 'n werklike aandeelskema.
- Die belyning met en integrasie in die logistieke waardeketting – die 20% aandeelhouding deur Grindrod/ Remgro in Senwes Beperk.
- Die uitrol van 'n nuwe SEB-strategie na die onttrekking van Royal Bafokeng Holdings.
- Die vestiging van verhoogde befondsingsfasilitete vir die strategiese ontplooiing en verhoging van die bedryfsbalansstate. Addisionele finansieringsfasilitete van R1,6 miljard is oor die afgelope twee jaar gevvestig terwyl R979 miljoen onbenut was soos op 30 April 2015.

# DIE 2025 STRATEGIE

## VERDERE INTEGRASIE TEN OPSIGTE VAN DIE HANTERING VAN SAGTE KOMMODITEITE

Senwes voorsien groter deelname aan die logistieke netwerke, veral in die lig van inwaartse en uitwaartse vervoer. Die Suid-Afrikaanse boer ding tans mee met prysse in wêreldmarkte en die huidige oneffektiwiteit wat verband hou met vervoer noodsaak 'n nuwe toepaslike oplossing. Verskeie rolspelers in die waardeketting plaas reeds meer fokus op dié aspek.

## TEGNOLOGIESE KWANTUM-SPRONG

Senwes glo dat landbou gereed is vir 'n tegnologiese kwantumsprong in al die fasette van die produsent se besigheid. Ontwikkelingsprojekte word geloods om die Maatskappy strategies hieroor gereed te maak, wat ook die klant se effektiwiteit, produktiwiteit en besluitnemingsvermoë sal verbeter.

## GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Gesamentlike ondernemings was een van die suksesstories van die 2020 strategie en die 2025 strategie sal daarop voortbou. Verdere konsolidasie via gesamentlike ondernemings sal kritiese massa weens strategiese posisionering meebring, sowel as sinergieë wat die volhoubaarheid en oorlewingsvermoë van die besigheid sal verbeter. Sodra die platforms met voldoende kritiese massa effekief gevestig is, kan reorganisasie en gevoglike spesialisasie volg, wat die besigheid sal herposioneer vir groei.

## NUWE MARKTE

Dit word deurlopend duideliker dat besigheid SA in die proses is om suksesvol te eksternaliseer na laer risiko jurisdiksies. Ons doelwitte bly ook om te eksternaliseer en te diversifiseer. Uitbreiding na nuwe markte kan beide aspekte gelykydig afdek.

## MEER OMVANGRYKE DEELNAME AAN DIE GRAANWAARDEKETING

Sekere areas in die voedselproduksiewaardeketting lewer oor tyd reeds goeie opbrengste. Senwes poog om sy betrokkenheid in hierdie areas te verhoog.

## INTERNASIONALE EN PLAASLIKE TENDENSE

Die huidige oorvoorsiening van sagte kommoditeite en die skerp daling in ruoliepryse het die internasionale herprysing van die totale sagtekommoditeitsmark tot gevolg gehad. Dit lyk ook of die tendens vir die volgende twee tot drie jaar sal voortduur. Dit beteken dat beide ons inset- en marktoegangskanale onder druk mag wees. Uit die produsent se oogpunt sal dit 'n groter invloed deur besigheidsvertakkinge buiten net graan benodig. Hierdie tendens sal ook impakteer op die huidige druk op ons insetverskaffingsketting om innoverende en volhoubare oplossings, produkte en dienste te verskaf.

## PLAASLIKE TENDENSE

Landbou sal waarskynlik op 'n 3% BBP-bydraevlek bly. Landbou se bydrae tot die totale waardeketting van die res van die ekonomie oorskry egter 20%.

Een van die lesse wat ontwikkelde en suksesvolle ekonomiese in die res van die wêreld vir ons leer is dat 'n goed ontwikkelde en welvarende landbousektor 'n gemeenskaplike faktor is. In dié verband staar ons menige uitdagings in die gesig weens die huidige ekonomiese situasie, vis-à-vis hoe werkloosheidsvlakke, uitdagings ten opsigte van infrastruktuur, energiebehoeftes, voedselsekerheidkwessies, politieke dinamika en 'n kundigheidstekort in ons sektor.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat 62% van Sub-Sahara Afrikane onder die ouderdom van 25 is en dat meer as 70% van die totale arbeidsmag in dié streek, in landbou werksaam is. Dit alleen lewer 'n bydrae van meer as 30% tot die jaarlikse BBP. Meer as 60% van die bevolking van Sub-Sahara Afrika woon in landelike gebiede, wat die belangrikheid van die vermenigvuldigingsfaktor en die impak van landbou op die gemeenskap, beklemtoon.

Hierdie tendense reflekteer 'n verhoging in verstedeliking en hoër inkomstestrome, wat weer 'n verhoging in proteïenverbruik meebring. Laasgenoemde impakteer weer op mielieproduksie wat uiteindelik die druk op landbou wêreldwyd verhoog.

Volgens dié scenario is die konsolidering en optimalisering van die landbousektor van die uiterste belang en sal dit op ons agenda bly. Dit bly ook belangrik om die risiko's wat verband hou met ons kommoditeits- en klanteprofiel op 'n geografiese basis, te verlaag. Internasionale diversifikasie en areas wat verskansingsmoontlikhede ten opsigte van die rand meebring, sowel as die eksternalisering van aandeelhouersinkomste, sal van ons belangrikste fokusareas wees in die toekoms.

As deel van ons strategiese visie sal ons blootstelling aan ander kommoditeite ondersoek ten einde die betrokke risiko's te mitiger, terwyl ons terselfdertyd die beleggingsportefeuilje van die besigheid uitbrei.

## FINANSIEËLE PRESTASIE

Die Groep se finansiële resultate vir die 2014/2015 finansiële jaar reflekteer 'n wins na belasting van R247 miljoen vergeleke met die vorige jaar se wins na belasting van R251 miljoen. Wins uit voortgesette bedrywe reflekteer 'n wins na belasting van R297 miljoen.

Die verhoging van 77% in genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (genormaliseerde HEPS) kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n goeie graanjaar en 'n gevoldlike verhoging in silobedryfsinkomste, sowel as groter effektiwiteit met betrekking tot bedryfs- en administratiewe uitgawes. Die lae granpryse tot Desember sowel as die droogtetoestande wat gedurende die tweede helfte van die jaar geheers het, het die verhoging in genormaliseerde HEPS gedemp.

Senwes het daarin geslaag om sy eiekapitaalverhouding op 38% te handhaaf, wat binne die kapitaalhandhawingsriglyne is. Onbenutte korttermynfasiliteite soos op 30 April 2015 beloop R979 miljoen, wat voldoende likiditeit vir toekomstige groei verseker.

Die volgende is belangrike finansiële verhoudings:


- 'n 77% verhoging in genormaliseerde HEPS, vanaf 99 sent per aandeel tot 175 sent per aandeel.
- Verwaterde wesensverdienste verhoog met 74% tot 164 sent vanaf 94 sent verlede jaar.
- Verdienste per aandeel is 0,4% laer as die vorige jaar.
- Opbrengs op openingsekwiteit van 15%.
- 'n Verhoging in netto batewaarde van 97 sent per aandeel.
- Dividendopbrengs van 4,7% op openingsmarkprys, wat 'n dividend van 50 sent per aandeel verteenwoordig.
- Totale aandeelhouersopbrengs (kapitaalgroei + dividende) van R226 miljoen is gedurende die jaar onder oorsig gegeneereer vir aandeelhouers.

## DOELWITSTELLING EN -MONITERING

### DOELWIT: OPBRENGS OP EKWITEIT

Die Groep se opbrengsdoelwit is afhanklik van die samestelling van die portefeuille. Na raming het die huidige besigheidsporfeulje 'n totale opbrengs op ekwiteit potensiaal gelykstaande aan die tienjaar risikovrye koers (R186) plus markpremie oor 'n besigheidsiklus. Die doelwit vir die finansiële jaar was 13,58%.


Die werklike opbrengs op ekwiteit beloop 15% vir 2015. Die feit dat die opbrengs op ekwiteit vir 2015 hoër as die doelwit was, bevestig die verhoogde inkomstetendens van besigheidsaktiwiteite. 'n Gemiddelde opbrengs op ekwiteit van 19% is behaal oor die afgeloop vyf jaar.



### DOELWIT: EIEKAPITAALVERHOUDING

'n Belangrike deel van Senwes se strategiese platform is om 'n stabiele finansiële basis te handhaaf, wat meer ruimte bied vir strategiese keuses in reaksie op eksterne uitdagings. Senwes gebruik die eiekapitaalverhouding om sy finansiële stabiliteit te meet, ongeag groei in die netto batebasis. Die doelwit vir Senwes se eiekapitaalverhouding is tussen 35% en 45% van totale bates, wat Senwes se gewenste finansiële risikoprofiel en die Direksie se mening oor langtermynstabiliteit reflekteer.

Die ekwiteitsverhouding was 38% soos op 30 April 2015, wat 2% laer is as in 2014. Die marginale verlaging is weens die verhoging in besigheidsbates, wat die basis van bedryfsaktiwiteite vorm.



“ ‘N BELANGRIKE DEEL VAN SENWES SE STRATEGIESE PLATFORM IS OM ‘N STABIELE FINANSIËLE BASIS TE HANDHAAF, WAT MEER RUIMTE BIED VIR STRATEGIESE KEUSES IN REAKSIE OP EKSTERNE UITDAGINGS.”



# BEDRYFSOORSIG: MARKTOEGANG


## SENWES GRAINLINK

(N AFDeling VAN SENWES)

Senwes Grainlink verskaf opbergings- en hanteringsfasiliteteite deur 'n goed ontwikkelde silo- en alternatiewe opbergingstruktuur. Senwes se silo's hanteer ongeveer 20% van die land se graan en oliesade in 'n gemiddelde produksiejaar.

Senwes Grainlink bedryf 68 graansilokomplekse en 3 deursetstrukture. Hierdie silokomplekse sluit 2 223 buise in wat graan en oliesade ontvang, droogmaak, skoonmaak en opberg. Die totale silo-opbergingskapasiteit beloop 4,6 miljoen ton, wat meer as 25% van die totale Suid-Afrikaanse kommersiële opbergingskapasiteit verteenwoordig.

Senwes het die skakel tussen die verkryging en bemarking van graan vereenvoudig en sodanig die produsent en die afnemer in staat gestel om hul omdraaityd te verhoog. Die effektiewe hantering van graan deur ons silokomplekse word ondersteun deur 'n kombinasie van bewese ondervinding, bedryfskennis en die toepassing van betroubare en innoverende tegnologie. Graanverhandeling word deur 1 verhandelingskantoor en 18 verkrygingskantore gedoen. Doelgemaakte kontrakte en verhandelingsoplossings laat ruimte vir die optimalisering van die oes ten einde maksimale opbrengs vir die produsent te verseker. Dienste word ook gelewer aan die graanafnemer ten einde te verseker dat sy grondstofverskaffingsbehoeftes aangespreek is.



## BEDRYFSPRESTASIE

Senwes Grainlink se resultate is beïnvloed deur twee belangrike faktore, naamlik die uitstekende oes wat ontvang is en die swak finansiële prestasie van die internasionale verhandelingsbesigheid. Die netto resultaat van hierdie afdeling het met 147% verhoog.

Ten spyte van baie lae oordragvoorraad vanaf die vorige seisoen, het 'n uitstekende oes wat tydens die huidige finansiële jaar ingeneem is, verseker dat volumes met 63,4% verhoog het. Senwes Grainlink se belegging in tegnologie en infrastruktur by sy silo's het ook 'n verhoging in markaandeel tot gevolg gehad weens 'n meer aantreklike waardeproposisie vir klante.



## TRADEVANTAGE

(FILIAAL VAN SENWES)

**73.5**  
PERSENT  
AANDEELHOUDING

Graanverhandeling word op 'n nasionale basis deur Tradevantage gedoen, wat geposisioneer is om die plaaslike mark te bedien en om deel te neem aan invoere en uitvoere.

## BEDRYFSPRESTASIE

Tradevantage het volgens verwagting presteer ten opsigte van volumes en finansiële doelwitte en het homself na 'n eerste verhandelingsjaar as erkende handelsmerk in 'n baie moeilike marksektor gevestig.

## GRAINOVATION

(GESAMENTLIKE ONDERNEMING MET IMPERIAL LOGISTICS)

**50**  
PERSENT  
AANDEELHOUDING

Verskaf logistiese dienste vir die verkryging en verhandeling van graan en oliesade.

## BEDRYFSPRESTASIE

Grainovation het goed presteer en die grootste volume in sy geskiedenis hanteer. Sy markaandeel is ook suksesvol uitgebrei.

## ELECTRONIC SILO CERTIFICATES (ESC)

(GESAMENTLIKE ONDERNEMING MET AFGR)

**50**  
PERSENT  
AANDEELHOUDING

Senwes het sy aandeelhouding in ESC tot 50% verhoog. ESC het vanjaar 16 123 silosertifikate op 'n nasionale basis verhandel.

## POSITIONERING VAN HIERDIE PILAAR

Geposisioneer tussen die plaashek en die graanafnemer en verskaf logistieke-, hanterings-, opbergings-, verkrygings-, verskansings- en bemarkingsdienste ten opsigte van graan en oliesade.

## STRATEGIESE DOELWITTE VAN DIE MARKTOEGANGSKANAAL


'n Geïntegreerde oplossing vir die produsent en graanafnemer ter ondersteuning van marktoegangs- en prysingsoplossings.

### MARKTOEGANG


	2015 R'm	2014 R'm
Inkomste	<b>6 985</b>	9 889
Uitgawes	<b>6 775</b>	9 804
Wins	<b>210</b>	85
Opbrengs op kapitaal aangewend (ROCE)	<b>31%</b>	15%

## GEOGRAFIESE VOETSPOOR

- [Green square] Hantering en Opbergung
- [Yellow square] Tradevantage
- [Blue square] Saadverwerking
- [Purple square] Grainovation
- [Black square] ESC
- [Pink square] Verkrygingskantore



# BEDRYFSOORSIG: INSETVERSKAFFING



## SENWES MEGANISASIE

(N AFDELING VAN SENWES)

Senwes Meganisasié is verantwoordelik vir die verskaffing van meganisasietoerusting en instandhoudingsdienste. Die verskaffingskanaal ewenaar die kwaliteit van sy toerusting – vanaf trekkers en planters tot stropers en ander landbou-implemente met volhoubare ondersteuning en ongeëwenaarde naverkopiendiens. Senwes Meganisasié is werklik die boer se vennoot in die verhoging van winste en die verlaging van insetkoste deur presisieboerdery, veral in 'n volatile arbeidsmark. Senwes is ook die eksklusiewe John Deere agent in sentrale Suid-Afrika en verskaf heelgoedere, onderdele en werkswinkeldienste vanuit 25 takke en 14 meganisasiewerkswinkels.

## BEDRYFSPRESTASIE

Die positiewe groei weens goeie reën voor planttyd is deur die droogte aan die einde van die jaar onder oorsig geaffekteer. Verhoogde werkswinkelaktiwiteite en goeie onderdeelverkope het onsegerinstaatgestel om ons doelwitte te behaal. Spandering ten opsigte van kapitaalgoedere is 'n belangrike oorweging vir die produsent, veral weens die onvoorspelbaarheid van arbeidsonderhandelinge en die risiko's wat daar mee verband hou.

Meganisasié se markaandeel het met 2,5% verlaag, vanaf 32,5% tot 30%. Dié verlaging is weens meer aggressiewe mededinging deur verskeie ander handelsmerke in hierdie spesifieke mark. Ons geniet egter tans goeie markaandeel in die hoër John Deere kilowatt reeks. Die eenheid reflektere 'n 11% groei, wat goed is ingaggenome die droogtetoestande aan die einde van die jaar.

## HINTERLAND

(GESAMENTLIKE ONDERNEMING MET AFGRI)

**50**  
PERSENT  
AANDEELHOUDING

Hinterland is in 2013 gestig en is verantwoordelik vir die verskaffing van insetmiddelle aan landbouprodurente en die verskaffing van, inter alia, 'n verskeidenheid hardeware en geriefsprodukte aan die algemene publiek, soos besproeiingstoerusting, selfdoenprodukte, hardware, veemedisyne, veevoer en brandstof. Hinterland het 60 kleinhandelswinkels, 7 brandstofstasies, 5 geriefswinkels by brandstofstasies en 1 supermarket.

## BEDRYFSPRESTASIE

In sy tweede bestaansjaar is Hinterland steeds in 'n opwaartse fase. Die wins het met 134% verhoog. Daar is in geslaag om die uitdagings van stelsel- en kultuurintegrasie, wat intrinsiek tot die vestiging van 'n gesamentlike onderneming is, suksesvol te bestuur. Alhoewel Senwes Meganisasié nie deel vorm van die Hinterland gesamentlike onderneming nie, bly dit steeds deel van 'n geïntegreerde produk- en diensaanbod aan klante in die Senwes Village waardeproposisie.

Die Hinterland voetspoor is uitgebred na die Oostelike Hoëveld, die Laeveld en Kwazulu-Natal weens die gesamentlike onderneming.

Die maatskappy het 'n uitdagende plantseisoen beleef tydens die finansiële jaar onder oorsig, wat onder verdere druk geplaas is deur reënval wat op die verlangde tye ontbreek het. Die laat reën het negatief geïmpakteer op die tradisioneel hoë verkoopsvlakke van Februarie en het afwaartse druk op ons winslyn aan die einde van die jaar tot gevolg gehad.

## JD IMPLEMENTE

(FILIAAL MET DIE TOMLINSON FAMILIE)

**50**  
PERSENT  
AANDEELHOUDING

Senwes Meganisasié se voetspoor as eksklusiewe John Deere agent is uitgebred na die Wes- en Oos-Kaap deur 'n vennootskap met JD Implemente. Hierdie gesamentlike onderneming bedryf besigheid vanuit vyf besigheidspunte.

## BEDRYFSPRESTASIE

JD Implemente het weereens uitstekend presteer. Die grootste uitdagings vir die besigheid is streeksuitbreiding en optimalisering van die besigheidsmodel.

### PRODIST

(GESAMENTLIKE ONDERNEMING MET AFGRI EN LRB)

**37.5**  
PERSENT  
AANDEELHOUDING

Prodist is 'n groothandelsverspreider van landboubenodigdhede, hardware, algemene produkte en besproeiingsprodukte. Die besigheid is gefokus op die ontwikkeling van 'n effektiewe verskaffingskanaal aan die landboubesigheids- en kleinhandelsharde-

waremark in Suid-Afrika en sy buurlande. Prodist voer massaproducte in via distribusiesentrums in Johannesburg en Bethlehem, wat dan herverpak en versprei word aan kleinhandelaars.

## BEDRYFSPRESTASIE

Prodist is die Groep se grootmaatproduktverspreidingsoplossing en is, soos Hinterland, gefokus op omsetgroei en die optimalisering van effektiwiteit ten einde die geleidelike opwaartse momentum te handhaaf. Dié handelsmerk het ook reeds merkbare sukses behaal met die verhoging van markaandeel. Prodist se prestasie vorder teen 'n stadiger as verwagte pas, maar beweeg wel in die regte rigting.

## GRASLAND ONDERNEMINGS

(GESAMENTLIKE ONDERNEMING MET NWK)

**50**  
PERSENT  
AANDEELHOUDING

Grasland produseer en bemark landboukalk. Die onderneming se mynbedrywighede bestaan uit vier kalkmyne in die Noordwes provinsie wat dolomitiese en landboukalk verskaf aan hoofsaaklik boerderybedrywe.

## BEDRYFSPRESTASIE

Nieteenstaande volumedruk as gevolg van die selfde dinamika wat deur al die insetkanale ervaar word, lever die gesamentlike onderneming steeds positiewe resultate. Sekere bestuursveranderinge is by Grasland aangebring met die oog op die ontwerp van 'n meer diverse strategie vir die kalkgrondstof tot ons besikking.

## POSITIONERING VAN HIERDIE PILAAR

Goed geposisioneer deur kleinhandelsnetwerke, bemarkingstrukture en produkreeks wat aan die kleinhandels- en meganisasiebehoeftes van landbou en die publiek voldoen.

## STRATEGIESE DOELWITTE VAN DIE INSETKANAAL

Om die voorkeurverskaffer aan landbouprodusente te wees ten opsigte van al hul insetbehoeftes.


### INSETKANAAL

	2015 R'm	2014 R'm
Inkomste*	1 463	1 552
Uitgawes	1 374	1 472
Wins	89	80
Netto winsmarge	6%	5%
Opbrengs op kapitaal aangewend (ROCE)	30%	40%


\*Inkomste van gesamentlike ondernemings uitgesluit

## GEOGRAFIESE VOETSPOOR

- Hinterland
- Prodist, Farm City en Dormanko
- Senwes Meganasisie Werkswinkels
- Senwes Meganasisie Heelgoedere en Onderdele
- JD Implemente
- Grasland Ondernemings



# BEDRYFSOORSIG: FINANSIËLE DIENSTE



## SENWES CREDIT

(N AFDELING VAN SENWES)

Senwes Credit verskaf krediet aan sy kliënte deur middel van produksielengte, maandrekeninge, kredietreëlings van 'n langtermynaard en huurkope. Finansiële reëlings word ook getref met die afnemers van graan ten einde oorbruggingsfinansiering te verskaf vir die bedryfskoste van hul besighede. Senwes Credit, deur sy Landboudiensteafdeling, lever ook dienste aan landbouprodusente in die vorm van akkerbou, grondtegnologie en veekunde ten einde hulle in staat te stel om hul bedrywe te optimaliseer.

Ons produk-aanbieding is mededingend in terme van prys en wat gebied word, maar ons onderskei onsself van ander finansiële diensteveruskaffers deur ons aanpasbaarheid, volhoubare oplossings, goeie verhoudings en vinnige omdraaitye.

## BEDRYFSPRESTASIE

Die beduidende verlaging in kommoditeitspryse weens die rekordoes het aanleiding gegee tot 'n verlaging in boerderyinkomste van 40%-50% vergeleke met die vorige seisoen. Dit het weereens aanleiding gegee tot stadiger terugbetaling van die kredietboek en hoër kredietmarges. Die skuld word ondersteun deur sterke balansstate en agterstalligheid is genormaliseer tot 4,0% (2014: 3,5%) van die totale boek soos op 30 April 2015.

Die kredietboek het op 'n jaar-tot-jaarbasis met gemiddeld 10,9% verhoog en 'n 27% verhoging in netto wins word gereflekteer. Die wins uit Senwes Asset Finance verteenwoordig 'n 21% verhoging teenoor 2014 finansiële jaar.



## CERTISURE

(GESAMENTLIKE ONDERNEMING MET NWK)

**50**  
PERSENT  
AANDEELHOUDING

Certisure Makelaars is die gesamentlike versekeringsmaatskappy van Senwes en NWK en is gefokus op die verskaffing van doelgemaakte versekeringsprodukte aan produsente, kliënte en die algemene publiek en die verskaffing van makelaars- en administratiewe dienste om ons kliënte se risikobehoeftes aan te spreek.

## BEDRYFSPRESTASIE

Nieteenstaande die droogte en druk van produsente om hul verskeringspremies te verlaag, het Certisure daarin geslaag om sy marges te handhaaf. Die geografiese uitbreiding van die versekeringsbesigheid in samewerking met NWK het die volhoubaarheid en groeiopstensial van die Groep verhoog.

## MOLEMI SELE


(GEASSOSIEERDE MAATSKAPPY MET AFGRI EN NWK)

**35,6**  
PERSENT  
AANDEELHOUDING

Die nuut gestigte Molemi Sele Management is die eienaar van 'n selversekeringsmaatskappy vir kredietlewensversekerings binne Guardrisk Lewens.

## GEOGRAFIESE VOETSPOOR

■ Certisure Makelaars      ■ Molemi Sele  
■ Senwes Credit



## POSITIONERING VAN HIERDIE PILAAR


- Finansieringskakel tussen landbouprodusente en ander Senwes bedryfsaktiwiteite.
- Finansieringskakel tussen die graanafnemer en Senwes Grainlink en Tradevantage.
- Spesialis advies met betrekking tot produksiepraktyke en insetbeplanning.
- Versekerings.

## STRATEGIESE DOELWITTE VAN DIE FINANSIEËLE DIENSTE

Die beskikbaarheid van effektiewe en doelgemaakte finansieringsprodukte om die produsent en graanafnemer in staat te stel om hul besigheid optimaal te bestuur tot voordeel van alle belanghebbendes. Die beskikbaarstelling van waardetoevoegende versekeringsprodukte en -dienste aan die kernaktiwiteite van Senwes en die ondersteuning van die besigheid op verskeie vlakke.

### FINANSIEËLE DIENSTE

	2015 R'm	2014 R'm
Inkomste	219	170
Uitgawes	120	75
Wins	99	95
Netto marge	3,8%	4,1%



# TOEKOMSVOORUITSIGTE EN UITDAGINGS

Die effek van die ernstige droogte in 2015 sal waarskynlik eers in die Groep se prestasie vir die nuwe finansiële jaar gereflekteer word. Afwaartse druk sal waarskynlik ondervind word op graanhanterings- en opbergingsinkomste weens lae volumes, wat na verwagting laer sal wees as die vorige jaar. Die hoë oordragvoorraadvlakke sal egter na verwagting dié risiko tot 'n mate verlaag.

Die gemiddelde produsent sal na verwagting nie so winsgewend wees uit die oogpunt van netto boerdery-inkomste nie en dit sal 'n impak hê op sy spanderingskapasiteit ten opsigte van kapitaalgoedere. Dit kan negatiewe druk op ons meeganisasiesbesigheidseenheid tot gevolg hê. Algemene toestande sal ook 'n effek op debiteure-invorderings aan die einde van Augustus 2015 hê.

Die Groep verwag dat 'n kombinasie van bogemelde toestande 'n negatiewe impak op resultate sal hê nader aan die einde van die volgende finansiële jaar, wat weer sal lei tot 'n laer balansstaatomset. As 'n Groep is dit ons belangrikste prioriteit om te verseker dat ons die uitdagings wat voorlê met innoverende en volhoubare oplossings, wat met ons strategiese doelwitte belyn is, die hoof kan bied.

Eksterne elemente wat die besigheid kan affekteer is bedryfsverwante makro-ekonomiese wêreldveranderinge, terwyl 'n algemene verswakkking in sosio-ekonomiese toestande plaaslik 'n bron van kommer is. Ons pogings sal fokus op die versterking van bedryfskontroles en effektiewe uitvoering van ons strategie, sowel as versnelde innovasie ten einde ons klante se winsgewendheid te verhoog.

Uit 'n strategiese oogpunt is ons steeds van mening dat 'n groter mate van integrasie en samewerking die beste wyse is om die voortdurende verhoging van bedryfskoste aan te spreek. Daar is ook 'n kans dat 'n internasionale rolspeler 'n sterker en meer uitgebreide rol kan speel in die mark en dit sal spesifieke alliansies tot gevolg hê.

Die ooraanbod van voedselprodusente, tesame met hoë kommoditeitspryse, kan ongewone druk op die bedryf tot gevolg hê en 'n regstelling van die bedryf in terme van grootte is nie onmoontlik nie.

Alle moontlike pogings sal egter aangewend word om die potensiële negatiewe impak van hierdie faktore op die prestasie van die Groep te verlaag en terselfdertyd nuwe geleenthede te verken ten einde winsgewendheid te verhoog en volhoubare waarde vir ons belanghebbendes te skep.



Luister na Francois Strydom (Besturende Direkteur, Senwes) se mening oor Senwes se finansiële resultate vir die jaar [www.senwes.co/Francois2015](http://www.senwes.co/Francois2015)

## BEDANKINGS

Ek dra graag my oopregte dank en waardering oor aan al ons belanghebbendes, besigheidsvennote, vennote in gesamentlike ondernemings en personeel, wat hulself weereens uitmuntend onderskei het ten opsigte van toewyding en eienaarskap, vir hul volgehoue ondersteuning. 'n Spesiale woord van dank aan die Uitvoerende Bestuur, wat nooit wegskram van hul verantwoordelikheid en aanspreeklikheid nie. Die direksistrukture soos verteenwoordig deur die verskillende komitees het hul taak uitstekend verrig en speel 'n uiters belangrike rol in die sukses van die maatskappy.

Die voorsitters van die onderskeie komitees het hul verantwoordelikhede met die uiterste sorg en insig nagekom. Die voorsitter en ondervoorsitter van die Direksie is ten volle verbind tot die Maatskappy en het ook hul verantwoordelikhede besonder goed nagekom.

Elke Senwes klant, groot of klein, is die enkele belangrikste rede vir die Maatskappy se bestaan. Senwes bestaan nie om enige ander interne of eksterne rede nie. Die verskaffing van innoverende en volhoubare oplossings vir ons klante is die primêre rede vir ons bestaan en sal voortdurend ons fokus bly.

**Die leiding van ons almagtige God is duidelik in die wyse waarop die Maatskappy en sy werknemers hul daaglikse take verrig.**



Francois Strydom  
Besturende Direkteur  
30 Junie 2015  
Klerksdorp




# VOLHOUBAARHEIDS-BESTUUR

## WESENLIKE ASPEKTE

Die aspekte wat vir Senwes van die grootste belang is, is die faktore wat sy sukses affekteer of wat redelikerwys die grootste potensiaal het om dit te affekteer. In die bepaling van ons wesenlike volhoubaarheidsbestuursaspekte doen ons opnames onder klante, verskaffers en werknemers. Ons bepaal ook wesenlike aspekte deur middel van risikobestuursprosesse, hersiening van ons strategie, bedryfshersieningsprosesse en konsultasie met ons belanghebbendes. Dit sluit ook faktore in wat belanghebbendes as krities beskou vir hul belangte en die aspekte waaroer hulle besorgd is en, meer belangrik, dié faktore wat belangrik is vir die volhoubaarheid van Senwes.

## KLANTE

Die doel is om 'n sterk posisie te handhaaf in alle markte waar Senwes betrokke is. Markaandeel is egter 'n spesifieke doelwit, maar nie ten koste van marge of risiko nie.



## WESENLIKE VOLHOUBAARHEIDSASPEKTE

### MARKOMGEWING

- Beskerming en groei van inkomste
- Koste-effektiwiteit
- Risikobestuur
- Snelontwikkelende tegnologie

### WERKSOMGEWING

- Diepte van talent
- Werwing en retensie van talent
- Inligtingstegnologie en besigheidsintelligenste
- Prestasiebestuurstelsels
- Etiese gedrag en kultuur
- Skakeling met belanghebbendes

### NATUURLIKE OMGEWING

- Skaarsheid en kwaliteit van natuurlike hulpbronne
- Onsekerheid oor betroubare energieverkaffing

### SOSIO-POLITIEKE OMGEWING

- Politieke en regulatoriese onsekerheid
- Sosiale onstabilliteit
- Toenemende misdaadvlakke
- Nasionale transformasiedoelwitte
- Bevolkings- en demografiese veranderinge
- Gemeenskapsontwikkeling



# TALENTBESTUUR

## WERKNEMERWAARDEPROPOSISIE



## TALENTPROFIEL EN -DIVERSITEIT

Senwes se strategiese doewit met betrekking tot talentdiversifikasie word ook deur die strategiese doelwitte van die besigheid en die nasionale transformasiedoelwitte gedryf. Die doel daarvan is om te verseker dat ons'n kultuur van diversiteit en insluiting skep, waarin elke individu die krag van ons diversiteit en die eenvormige nastrewing van doelwitte kan ervaar en voordeel daaruit kan trek.


Die strategiese doelwitte bevorder innovasie deur diverse denke, vergroot die talentpoel, ontwikkel mededingende talentvoordele, verseker wetgewende en regulatoriese nakoming en ondersteun nasionale transformasie- en volhoubaarheidsdoelwitte.

## OUDERDOMSPROFIEL PER VLAK IN DIE ORGANISASIE





## WERKNEMERPROFIEL PER VLAK VAN DIE ORGANISASIE



## OPVOLGBESTUUR

Die doelstelling van opvolgbestuur by Senwes is om te verseker dat daar voldoende talent is om dekking vir kritiese poste te verseker. Dit het ook ten doel om kontinuïteit te verseker deur in staat te wees om mense in kritiese poste te vervang en om leiers vir toekomstige posisies te ontwikkel, ooreenkomsdig ons leierskapontwikkelingsmodel. Daar is voldoende korttermyndekking en minstens twee potensiële opvolgers vir elke bestuurs- en professionele pos in die Maatskappy. Potensiële opvolgers het persoonlike ontwikkelingsplanne wat hul opvolgingsgereedheid verder verhoog.

## TALENTONTWIKKELING

Ons besef dat talentkaspasiteit 'n essensiële komponent van ons mededingende voordeel is. Ons besigheid bestaan vir die onthalwe van die klant en word gebou rondom ons verhouding met die klant. Dié verhouding word gevestig en gehandhaaf deur ons vermoë om aan die klant se behoeftes te voldoen en oplossings te vind vir sy probleme. Ten einde hierdie rol op 'n effektiewe en mededingende wyse te vervul is dit noodsaaklik dat ons werknemers oor die nodige leierskapskwaliteite en vaardighede moet beskik. Ons het 'n leierskapvaardigheidsmodel ontwikkel wat die vaardighede waaroor elke Senwes leier moet beskik, duidelik uitspel. Ons investering in talentontwikkeling het ook ten doel om die nodige vaardighede te bekom.

## LEIERSKAPONTWIKKELINGSMODEL

### PAS AAN BY VERANDERING

Hanteer verandering op 'n geloofwaardige, positiewe en kragtige wyse, verleen ondersteuning in verskeie situasies en respekteer die diverse behoeftes van groepe mense.

### ONTWERP DIE TOEKOMS

Fokus op die ontwikkeling van idees en die verkenning van verskeie moontlikhede. Analiseer en los probleme op op wyses wat 'n langtermynimpak het.

### KRY DIE VERLANGDE RESULTATE

Ontsluit waarde en behaal resultate deur energieke aktiewe, dissipline, integriteit en goed-beplande tydige uitvoering.

### BEÏNVLOED ANDER

Neem mense op 'n reis deur kommunikasie en faciliteer vennootskappe met ander, bou verhoudings, demonstreer leierskap en ontwikkel mense.

## TALENTONTWIKKELINGSINDIKATORE

INDIKATORE	2014/2015	2013/2014	% BEWEGING
AANTAL OPLEIDINGSMAN-DAE	8 198	4 118	99
TOTALE OPLEIDINGSKOSTE (R'm)	7.3	4.2	74
% VAN OPLEIDINGSKOSTE GESPANDEER OP VOORHEEN BENADEELDE INDIVIDUE	39	45	(6)
GEMIDDELDE OPLEIDINGSDAE PER WERKNEMER	6.3	3.2	97
SERTIFIKATE EN DIPLOMAS TOEGEKEEN VIR GEREGSTREERDE LEERLINGSKAPPE (AANTAL)	19	25	(24)
OPLEIDINGSKOSTE AS % VAN SALARISKOSTE	2.4	1.3	1.1

## PROGRAM VIR GEGRADUEERDES

Die ontwikkelingsprogram vir graduandi vorm 'n beduidende deel van ons talentverwings- en ontwikkelingsprogram. Dit is 'n wyse waarop ons akademies opgeleide jong mense met uitstekende akademiese resultate in die werksomgewing inbring en hulle blootstel aan verskillende aspekte van die besigheid. Ons belyn hul loopbaanbelangstelling met die talentdoelwitte van die besigheid. Ons kon reeds deur middel van die program daarin slaag om 'n aantal hoë potensiaal individue te identifiseer en aan te stel, wat ook deel vorm van ons opvolgbeplanning.

## BETROKKENHEID VAN WERKNEMERS

Die fokus van arbeidsbetrekkinge is op die ontwikkeling van 'n proaktiewe benadering tot verwante aspekte en om potensiële risiko's tydig te identifiseer. Die lae vakbondlidmaatskapsvlakke en dissiplinêre sake bevestig die sukses van bogenoemde benadering. Die effektiwiteit van hierdie prosedure en die konstruktiewe betrokkenheidsbenadering blyk duidelik uit die vredsame werksomgewing wat oor 'n lang tydperk reeds ervaar word. Goeie verhoudings word gehandhaaf met werknemers op 'n direkte basis en met die vakbonde. Senwes is 'n aktiewe lid van die Bedingsraad vir die Graanbedryf, speel 'n leidende rol en geniet verteenwoordiging op dié raad.

## ETIEK

Die Senwes etiekprogram het gedurende die jaar onder oorsig 'n aantal aktiwiteite behels, waarvan die amptelike loodsing daarvan, onder leiding van die uitvoerende span, die verbintenis van bestuur gedemonstreer het. Dit is gevvolg deur 'n multi-media kommunikasieveldtog, wat elektroniese en gedrukte mediakanale ingesluit het, wat ten doel gehad het om

bewustheid te skep met betrekking tot sekere etiese aspekte. Werknemers het hulself verbind tot Senwes se etiese kode deur die ondertekening van die toepaslike ondernemings in die verband.

## PRESTASIEBESTUUR

'n Gebalanseerde telkaartgebaseerde prestasiebestuurstelsel is op alle vlakke van die maatskappy geïmplementeer om vordering met die behaling van kort-, medium- en langtermyndoelwitte te faciliteer. Daarbenewens vorm die stelsel die basis waarop goeie presteerders beloon word en identifiseer dit areas waar daar ruimte is vir verbetering.

## TALENTERKENNING EN VERGOEDING

Senwes se vergoedingstrategie is om mededingend te wees met die relevante mark en om werknemers aan te spoor tot hoë prestasievlekke deur die betaling van prestasiegebaseerde aansporingsbonusse ná behaling van besigheids-, finansiële- en persoonlike doelwitte. Besonderhede van die vergoedingsbeleid en -strategie is ingesluit in die toepaslike afdeling van die korporatiewe beheerverslag. Dit is gebaseer op 'n totale vergoedingsbenadering, wat finansiële en nie-finansiële, direkte en indirekte, intrinsieke en ekstrinsieke beloning insluit, gebaseer op en ter ondersteuning van die werknemerwaardepropositie.

Daarbenewens verleen Senwes erkenning aan personeel wat uitstaande prestasie lever op verskeie gebiede, op afdelings- en groepsvlak. Werknemers word genomineer deur hul eweknieë of deur bestuur vir hul uitstaande prestasie en ontvang toekenning op afdelings- en/of groepsvlak. Die toekenning dek areas soos finansiële prestasie, klantediens, entrepreneurskap, bedryfseffektiwiteit, innovasie, spanwerk en volhoubaarheid.


# VERGOEDINGSFILOSOFIE

Die doel van vergoeding is om talent aan te trek, te behou, te motiveer en om uitstaande prestasie te vergoed ten einde die Maatskappy se strategiese doelwitte te behaal, verwagte aandeelhouersopbrengs te lewer en om volhoubare prestasie en waardeskepping vir die aandeelhouer oor die lang termyn te behaal.



# VERGOEDINGSTRUKTUUR

Die vergoedingstruktuur word opgemaak deur gewaarborgde vergoeding, korttermyninsentiewe en langtermyninsentiewe volgens die diskresie van die Direksie. 'n Toepaslike vergoedingsamestelling word gehandhaaf tussen vaste en veranderlike vergoeding, sowel as tussen korttermyn- en langtermyn prestasiegebaseerde vergoeding. Gewaarborgde vergoeding word jaarliks hersien en toepaslike markvergelykings word gedoen.



## KORTTERMYNINSENTIEWE

Korttermyninsentiewe word in kontant betaal en word gebaseer op die behaling van jaarlikse doelwitte. Die KTI bestaan uit 'n doelwitbehalingsbonus en winsdeling, wanneer doelwitte oorskry word. Die ontwerp het ten doel om gedrag op belangrike strategiese en besigheidsdoelwitte te fokus. Die kriteria vir korttermyninsentiewe is gebaseer op die behaling van risiko-aangepaste opbrengsdoelwitte.

## LANGTERMYNINSENTIEWE

Die doel van langtermyninsentiewe is om werknemers wat 'n invloed uitoefen op die strategiese prestasie van die besigheid te beloon en om hul belangte met dié van die aandeelhouers te belyn. Die Vergoedingskomitee wys deelnemers vir die skema aan en bepaal die allokasie van aandele op 'n jaarlikse basis, volgens diskresie en gebaseer op die aanbevelings van die Besturende Direkteur. Die aandele kan verbeur word en vestig na drie jaar, onderworpe aan sekere retensie- en prestasievoorwaardes.

# 'N VEILIGE, GESONDE EN BEMAGTIGENDE WERKS-OMGEWING

Ten einde produktief te wees, is dit nodig vir werknemers om in 'n veilige, gesonde en ondersteunende omgewing te funksioneer, ten volle deel te neem as 'n span en om gewaardeer en gerespekteer te word. So 'n omgewing word by Senwes geskep.

Die gesondheids- en veiligheidstrategie word op die volgende gebaseer:

- Bemagtigende beleidsomgewing
- Effektiewe strukture
- Onderwys en opleiding
- Bemagtiging van werknemers ten einde effektiel besluite te kan neem
- Toepassing van reëls en regulasies.



## VEILIGHEIDS- EN GESONDHEIDSTATISTIEK

INDIKATORE	2014/2015	2013/2014
ARTIKEL 24 ONGESKIKTHEIDSBESERINGS	15	4
ONGESKIKTHEIDSBESERINGS	34	24
VERLORE MAN-DAE WEENS BESERINGS	809	180
FREKWENSIEKOERS: ONGESKIKTHEIDSBESERINGS	2.93	1.97



Lees die volledige Volhoubaarheidsverslag  
[www.senwes.co/Volhoubaarheid2015](http://www.senwes.co/Volhoubaarheid2015)





# BETROKKENHEID VAN BELANGHEBBENDES

**S**enwes se benadering tot skakeling met belanghebbendes is om wedersydse deursigtigheid te bevorder ten einde 'n beter begrip te kweek vir die behoeftes, persepsies, verwagtinge en bekommernisse van ons belanghebbendes.

As toonaangewende landboubesigheid strewe ons deurlopend na innoverende kommunikasieoplossings ten einde spesifieke groepe van belanghebbendes via die mees effektiewe kanaal te bereik.

Ons omvattende hoë-tegnologie platform vir geregistreerde gebruikers bevestig ons effektiewe eenstop-oplossing vir ons produsente.

Ons belangrikste belanghebbendes is:

- Klante / kliënte / produsente
- Aandeelhouers / beleggers
- Werknemers
- Verskaffers
- Strategiese vennote
- Regering
- Reguleerders
- Gemeenskappe

## NASIONALE TRANSFORMASIE EN GEMEENSKAPSONTWIK- KELING

Ons is verbind tot die nasionale transformasie- en ontwikkelingsdoelwitte van die land en belyn ons inisiatiewe met die ontwikkelingsprioriteite van die regering. Ons passie is om 'n bydrae te lewer tot die volhoubare ontwikkeling van die landelike gebiede, veral dié gebiede waarin Senwes besigheid bedryf.

Ons skoei ons gemeenskapsontwikkelingsbeleggings op opleiding, voedselsekerheid, sport en die behoeftes van minder bevoordegte kinders. Ons benadering is om al ons programme en inisiatiewe te loods via vennootskappe met relevante rolspelers vanoor die totale spektrum (regering, gemeenskapsorganisasies, tersiêre instellings en besigheid).

Ons primêre doelwit is om inisiatiewe te faciliteer wat geleenthede vir gemeenskappe ontsluit om hulle volle potensiaal te realiseer, volhoubare oplossings te ontwikkel vir gemeenskapsprobleme en om selfaangewese te word oor die lang termyn en sodoende 'n volhoubare erflating vir toekomstige geslagte te verseker.

## ONDERWYS EN OPLEIDING

Onderwys en opleiding is die beste vorm van bemagtiging. Dit ontwikkel begrip deur die verskaffing van kennis, insig, studie en die versterking van mense se vermoë om selfversorgend te wees, effektiel met ander te skakel en 'n bydrae te lewer tot voordeel van alle betrokkenes. Senwes beskou onderwys en opleiding ook as die beste vorm van gemeenskapsontwikkeling. Ons belegging in onderwys en opleiding dek die volgende gebiede:

- Beurse vir tersiêre onderwys
- Opleidingstegnologie
- Ontwikkeling van jong kinders
- Leerlingskappe
- Praktiese blootstelling en opleiding deur ondervinding

## LEERLINGSKAPPE

Leerlingskappe word toegeken aan werklose jong mense en het ten doel om hulle te voorsien van formele geakkrediteerde opleiding en praktiese blootstelling aan en ondervinding op verskeie vlakke van ons besigheid. Hierdie jong mense word dan in ons besigheid opgeneem as voltydse werknemers of word deur ander instansies in diens geneem.

Ons beskou hierdie inisiatief as 'n kritiese intervensie, gegewe die hoë vlakke van werkloosheid en jong mense wat moeilik aangestel sal word weens lae of nie-bestaaande bekwaamheidsvlakke. Senwes, as verantwoordelike korporatiewe burger, lewer 'n bydrae tot die oplossing van dié probleem, wat die potensiaal het om onstabilitet in die arbeidsmark tot gevolg te hê indien aandag nie daaraan geskenk word nie.

## OPLEIDINGSTEGNOLOGIE

Senwes het, in vennootskap met die Senwes swart bemagtigingstrust, Thobo Trust, programme in landelike skole en swart dorpe in landelike gebiede geïnisieer met die oog op die verskaffing van inligtingstegnologie in skole. Die doel van die program is om te verseker dat jong mense in landelike skole basiese rekenaarvaardighede bekom en toegang tot tegnologie verkry wat hulle in staat sal stel om op hoogte te bly van tegnologiese ontwikkeling, en sodoende toepaslike vaardighede te ontwikkel.

Die program is ook uitgebrei na tersiêre instansies soos universiteite en verdere opleidingskolleges. Senwes het in die verband

bystand verleen met die vestiging van rekenaarsentrus by die Noordwes Universiteit en Vuselela FET Kollege, wat verseker dat tersi re studente toegang het tot tegnologie wat hulle in staat stel om basiese praktiese rekenaarvaardighede te bekom wat nodig is vir hul tersi re studies en hul toekomstige loopbane.

## ONTWIKKELING VAN JONG KINDERS

Die program verseker dat die ontwikkeling van jong kinders in landelike gebiede verder strek as net dagsorg en ook die ontwikkeling van di  kinders moet insluit. In die verband fokus ons op die verbetering van die kwalifikasies van onderwysers en die verskaffing van hulpbronne vir opleiding en ontwikkeling.

“ AS TOONAANGEWENDE LANDBOUBESIGHEID STREWE ONS DEURLOPEND NA INNOVERENDE KOMMUNIKASIEOPLOSSINGS TEN EINDE SPESIFIEKE GROEPE VAN BELANGHEBBENDES VIA DIE MEES EFFEKTIEWE KANAAL TE BEREIK. ”

## MINDER BEVOORREGTE EN WEESKINDERS

Senwes glo dat elke volk verantwoordelik is vir die versorging van sy kinders en om te verseker dat hulle grootword in 'n menslike, liefdevolle en versorgende omgewing. Ons het vyf kinderhuise in die Klerksdorp gebied onder ons vlerk geneem en staan hulle by met die verskaffing van skooldrag, opleidingsmateriaal en in sekere gevalle opleidingstechnologie. Dit word gedoen ten einde te verseker dat minder bevoorregte kinders net soveel liefde, versorging en onderwysgeleenthede ontvang as kinders wat deur hul eie gesinne grootgemaak word.

## VOEDSELSEKERHEID

Die doel van hierdie projek is enersyds om voedselsekerheid te verseker deur huishoudelike en skoolgebaseerde groente-tuine en andersyds om voedselproduksievaardighede en werksgeleenthede te verskaf aan jong mense.

Senwes het in vennootskap gewerk met Balimi, 'n organisasie sonder winsbejag, gebaseer in Klerksdorp. Die projek is deur jong mense op die been gebring en word deur hulle bestuur en deur die regering, relevante departement, die Land Bank en die *Industrial Development Trust* ondersteun. Die program het die vestiging van huishoudelike en skoolgebaseerde tuinprojekte regdeur die Matlosana gebied tot gevolg gehad. Die opbrengs uit die tuine word aan skole geskenk vir hul voedingskemas en 'n gedeelte daarvan word verkoop sodat die opbrengs daarvan herbelê kan word in die projek.

## SPORT

Senwes glo dat sportontwikkeling krities is in die identifisering van talent en die ontwikkeling daarvan, sodat jong mense hul volle potensiaal kan bereik. Sport speel ook 'n belangrike rol in die verbetering van sosiale vaardighede, fisiese en geestelike fiksheid en die betrokkenheid van jong mense in konstruktiewe



projekte wat voorkom dat hulle betrokke raak in destruktiewe aktiwiteite soos misdaad en dwelmmisbruik. Die program dra ook by tot die ontwikkeling van afrigters, skeidsregters en sportadministrateurs by skole en moedig ouers aan om betrokke te raak by die buitemuurse ontwikkeling van hul kinders.



## SENWES SPINNERS

Senwes, in vennootskap met Noordwes Krieket, bedryf die afgelope vyf jaar reeds die Senwes Spinners Projek. Die doel van die projek is om jong mense uit landelike gebiede en spesifiek plaasskole, bekend te stel aan krieket, om hul potensiaal te identifiseer en om hulle in kompeteterende en professionele krieketspelers te ontwikkel.

## SENWES SOKKERTOERNOOI

Die Senwes sokkertoernooi is gemik op laerskole en verskaf die geleentheid aan seuns en dogters om teen skole uit verskeie gebiede te kompeteer, wat uiteindelik 'n hoogtepunt bereik met die aanbied van 'n toernooi. Die toernooi verskaf geleenthede waar talentvolle spelers deur sokkerakademies of spanne gewerf word, wat weer die geleentheid skep vir die spelers om in professionele sokkerspelers te ontwikkel.

## ONDERNEMINGS-ONTWIKKELING

Inlyn met ons verbintenis tot volhoubare ontwikkeling en voedselsekerheid, belê Senwes in die ontwikkeling van opkomende produsente, met die oog op die uitbreiding van deelname in hoofstroom voedselproduksie. Dit verseker ook dat bewerkbare grond produktief bly. Senwes se program het ten doel om omvattende ondersteuning aan boere en nuwe produsente te bied, wat die volgende aspekte insluit:

- Boerderybestuursopleiding
- Tegniese ondersteuning (ekonomies en landboukundig)
- Voedselveiligheid
- Produktsiefinansiering
- Opberging en hantering
- Marktoegang

Ons belê ook daarin om boere op datum te hou van veranderinge en wêreldtendense in voedselproduksie en die nuutste tegnologie.





# NATUURLIKE OMGEWING

## SKAARSHEID EN KWALITEIT VAN NATUURLIKE HULPBRONNE EN BETROUBARE VOORSIENING

Die bestuur van grond en natuurlike hulpbronne sal een van die mees kritiese uitdagings ten opsigte van volhoubare voedselproduksie bly. Enersyds is daar vraaggedrewe skaarsheid, wat beteken dat die bestaande aanbod nie aan die aanvraag vir spesifieke hulpbronne kan voldoen nie. Andersyds is daar aanbodgedrewe skaarsheid, wat voortspruit uit natuurlike variasie en klimaatsveranderinge of die onvermoë van die bestaande infrastruktuur of diensleveringsmeganismes om aan die aanvraag te voldoen.

Suid-Afrika staar sy ergste energiekrisis sedert 2008 in die gesig. Die onvermoë van Eskom om aan die elektrisiteitsaanvraag te voldoen weens swak infrastruktuur, swak onderhoud en vertragings in die voltooiing en inbedryfstelling van nuwe kragaanlegte het 'n nadelige effek op besigheid en beleggersvertroue.

Senwes het maatreëls ingestel om die effektiwiteit van kragverbruik te verbeter en om die impak van 'n totale ineenstorting van die kragnetwerk op ons bedrywe en produktiwiteit te verminder.

Suid-Afrika word ook bedreig deur uitdagings wat verband hou met watervoorsiening en waterkwaliteit in sommige gebiede.

Ons het by Senwes effektiewe waterverbruikspraktyke geïmplementeer wat ons in staat stel om water op te vang en te berg en om reënwater en ondergrondse water te benut vir doeleindes anders as drinkwater. Dit stel ons in staat om die gebruik van munisipale water te verminder. Ons het ook meganismes in plek gestel om die kontinuïteit van watervoorsiening gedurende korttermynonderbrekings weens swak munisipale waterinfrastruktuur, te verseker.

Die Senwes omgewingsbestuurstrategie is op die volgende sleutelelemente gefokus:

- Waterbestuur
- Energiebestuur
- Bestuur van afvalprodukte
- Regulatoriese nakoming



## OMGEWINGSBESTUURSINDIKATORE

INDIKATORE	2014/2015	2013/2014
WATERVERBRUIK (kl)	65 683	66 897
ELEKTRISITEITSVERBRUIK (kW/h)	23 314 506	20 270 010
ELEKTRISITEITSVERBRUIK (kVA)	126 413	116 508

## SOSIO-POLITIEKE EN REGULATORIESE ONSEKERHEID

Sosio-politieke onstabilitet is 'n probleem in ons land weens 'n aantal faktore, wat insluit hoë werkloosheidsvlakte, toenemende misdaadvlakte, groter ongelykheid en swak dienslewering met gepaardgaande gewelddadige diensleveringsprotesaksies. Bogenoemde, tesame met regulatoriese onsekerheid, veral op die gebied van grondhervorming, het 'n negatiewe impak op besigheid en beleggersvertroue.

Senwes het 'n platform genaamd "Nasie in Gesprek" geïnisieer wat, met die ondersteuning van ander rolspelers in die bedryf, 'n platform bied waar belanghebbendes konstruktief gesprek kan voer oor gemelde aspekte in 'n poging om volhoubare oplossings te vind. 'n Aantal gesprekke het reeds plaasgevind tussen primêre produsente, die regering, finansiële instansies, landboubesighede, vakbonde en die media. Aspekte wat reeds aandag geniet het sluit in grondhervorming, arbeidsbetrokking, tegnologiese tendense in voedselproduksie en die bestuur van skaars grondstowwe. Die initiatief groei van jaar tot jaar en die word uitgebrei om belanghebbendes wat voorheen oor die hoof gesien is tydens gesprekke oor sake wat volhoubare voedselproduksie affekteer, ook in te sluit.



# STAAT VAN TOEGEVOEGDE WAARDE

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2015

	GROEP			
	2015 R'm	%	2014 R'm	%
Inkomste	<b>8 755</b>		11 476	
Betaal aan verskaffers van goedere en dienste	(7 864)		(10 622)	
<b>Waarde toegevoeg</b>	<b>891</b>		854	
Inkomste uit beleggings	1		1	
<b>WAARDE GESKEP</b>	<b>892</b>		855	
<b>Verdeel soos volg:</b>				
Werknemers	<b>372</b>	<b>35.3%</b>	353	34.3%
Salarisse, lone en ander voordele	<b>315</b>	<b>29.9%</b>	336	32.6%
Aansporingskema	<b>57</b>	<b>5.4%</b>	17	1.7%
Owerhede	<b>98</b>	<b>9.3%</b>	91	8.8%
Finansiers	<b>137</b>	<b>13.0%</b>	124	12.0%
Aandeelhouers	<b>285</b>	<b>27.1%</b>	287	27.9%
Dividende en distribusie na gewone aandeelhouers	<b>79</b>	<b>7.5%</b>	106	10.3%
Voorsiening vir vervanging van bates	<b>38</b>	<b>3.6%</b>	36	3.5%
Behoue surplus	<b>168</b>	<b>16.0%</b>	145	14.1%
<b>Welvaart verdeel uit inkomste</b>	<b>892</b>	<b>84.7%</b>	855	83.0%
<b>Welvaart verdeel uit ander bronne</b>				
Owerhede	<b>161</b>	<b>15.3%</b>	175	17.0%
<b>TOTALE WELVAART VERDEEL</b>	<b>1 053</b>	<b>100.0%</b>	1 030	100.0%

1. **Notas:**

Werkgewerbydraes van R3 miljoen (2014 - R4 miljoen) wat verband hou met sentrale versekeringsfondse is nie by hierdie syfers ingesluit nie, aangesien dit verreken word in die bedrag betaal aan owerhede (Nota 2).

2. Sentrale en plaaslike regering:

SA normale belasting – huidige jaar	<b>100</b>	51
(Toename)/afname in uitgestelde belasting	<b>(14)</b>	29
Vaardigheidsontwikkelingsheffing	<b>3</b>	3
Belasting betaal aan plaaslike owerhede	<b>6</b>	4
Sentrale versekeringsfonds	<b>3</b>	4
Spandering aan owerhede	<b>98</b>	91

3. Ander belasting bestaan uit:

BTW	<b>101</b>	103
LBS	<b>58</b>	69
Terughoubelasting op dividende	<b>2</b>	3
Spandering aan owerhede	<b>161</b>	175


**Totale spandering aan owerhede**

4. Behoue surplus bestaan uit:


Groepwins na belasting	<b>247</b>	251
Dividende	<b>(79)</b>	(106)
<b>Behoue surplus</b>	<b>168</b>	145

# WELVAARTVERSPREIDING

2015



2014





# FINANSIËLE OORSIG



# SENWES GROEP 5-JAAR FINANSIËLE OORSIG

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE *	2015 R'm	2014 R'm	2013 R'm	2012 R'm	2011 R'm
<b>Bates</b>					
Nie-bedryfsbates	1 214	1 077	822	696	548
Bedryfsbates	3 533	3 051	3 199	2 676	2 558
<b>Totale bates</b>	<b>4 747</b>	4 128	4 021	3 372	3 106
<b>Ekwiteit en aanspreeklikhede</b>					
Kapitaal en reserwes	1 781	1 622	1 583	1 368	1 230
Nie-beherende belang	17	13	10	8	-
Ekwiteit	1 798	1 635	1 593	1 376	1 230
Nie-bedryfslaste	1 007	662	1 009	457	446
Bedryfslaste	1 942	1 831	1 419	1 539	1 430
<b>Totale ekwiteit en aanspreeklikhede</b>	<b>4 747</b>	4 128	4 021	3 372	3 106
Rentedraende laste ingesluit in bedryfslaste en nie-bedryfslaste	2 161	1 961	1 782	1 440	1 399
<b>INKOMSTESTAAT PER SEGMENT</b>					
<b>Inkomste</b>					
Finansiële Dienste - <i>Senwes Credit &amp; Certisure Groep</i>	219	170	139	168	156
Insetverskaffing - <i>Senwes Meganisasie &amp; Hinterland Groep</i>	1 463	1 552	2 871	2 259	1 770
Marktoegang - <i>Senwes Grainlink &amp; Tradevantage</i>	6 985	9 889	12 209	10 659	5 567
Diverse bedrywe	-	-	-	-	46
<b>Normale bedryfsaktiwiteite</b>	<b>8 667</b>	11 611	15 219	13 086	7 539
Korporatiewe inkomste	88	15	35	11	11
<b>Totale inkomste</b>	<b>8 755</b>	11 626	15 254	13 097	7 550
Beëindigende bedrywighede	-	(150)	(1 370)	(1 222)	(1 074)
Inkomste uit voortgesette bedrywighede	<b>8 755</b>	11 476	13 884	11 875	6 476
<b>Wins/(verlies) *</b>					
Finansiële Dienste - <i>Senwes Credit &amp; Certisure Groep</i>	99	95	71	62	54
Insetverskaffing - <i>Senwes Meganisasie &amp; Hinterland Groep</i>	89	80	170	104	65
Marktoegang - <i>Senwes Grainlink, Tradevantage &amp; Bunge Senwes Groep</i>	210	85	177	183	252
<b>Normale bedryfsaktiwiteite</b>	<b>398</b>	260	418	349	371
Korporatiewe koste	(65)	(75)	(69)	(54)	(56)
Beleggings-, besigheidskombinasie- en herstruktureringinkomste	-	146	58	67	4
<b>Wins voor belasting</b>	<b>333</b>	331	407	362	319
Belasting	(86)	(80)	(100)	(97)	(100)
<b>Wins vir die jaar</b>	<b>247</b>	251	307	265	219
Nie-beherende belang	4	3	2	1	-
<b>Finansieringskoste hierbo ingesluit</b>	<b>(137)</b>	(124)	(104)	(92)	(115)
<b>KONTANTVLOEISTAAT *</b>					
<b>Netto kontantvloei</b>					
Kontant uit bedrywe gegenerer	575	381	490	441	547
<b>Total finansieringskoste, belasting en dividende betaal</b>	<b>(314)</b>	(276)	(295)	(307)	(250)
Finansieringskoste betaal	(137)	(124)	(104)	(89)	(113)
Belasting betaal	(98)	(46)	(117)	(92)	(92)
Dividende betaal	(79)	(106)	(74)	(126)	(45)
Verandering in bedryfskapitaal	(327)	(28)	(544)	(88)	(290)
Dividende ontvang	1	2	-	2	1
<b>Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>	<b>(65)</b>	79	(349)	48	8
Netto kontant geïnvesteer deur beleggingsaktiwiteite	53	4	(148)	(133)	(31)
Netto kontant gegenerer deur finansieringsaktiwiteite	(5)	(102)	531	102	-
<b>Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwalente</b>	<b>(17)</b>	(19)	34	17	(23)

\*Ingesluit beeindigende- en voortgesette bedrywighede

# FINANSIELE- EN BEDRYFSVERHOUDINGS


5-jaar saamgestelde jaarlikse groei (%)	2015	2014	2013	2012	2011
--	------	------	------	------	------

FINANSIELE GROEI (%)					
Totale bates	11,2	<b>15,0</b>	2,7	19,2	8,6
Totale aandeelhouersbelang	11,2	<b>10,0</b>	2,6	15,8	11,9
Rentedraende aanspreeklikhede	12,6	<b>10,2</b>	10,0	23,8	2,9
Totale inkomste van voortgesette bedrywighede	(0,6)	<b>(23,7)</b>	(17,3)	16,9	83,4
Wins voor belasting	0,1	<b>0,6</b>	(18,7)	12,4	13,5
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel	8,9	<b>77,0</b>	(35,1)	14,8	14,3
Netto batewaarde per aandeel	12,5	<b>10,1</b>	8,3	16,9	11,2
Sluitingsmarkprys per aandeel	9,5	<b>7,0</b>	3,4	15,6	(11,8)
Totale dividende vir die jaar	(18,6)	<b>4,2</b>	(21,3)	1,7	71,4
GEWONE AANDEELPRESTASIE					
Aantal gewone aandele ('m)					
Geweegde gemiddelde aantal uitgereik		<b>169,21</b>	172,38	180,46	180,79
Aantal uitgereik op jaareinde		<b>168,88</b>	169,29	178,99	180,79
Sent per aandeel					
Verdienste	4,4	<b>143,4</b>	143,9	168,9	146,0
Genormaliseerde wesensverdienste	8,9	<b>175,2</b>	99,0	152,4	132,8
Verwaterde genormaliseerde wesensverdienste	7,4	<b>164,0</b>	94,4	152,2	132,8
Netto batewaarde	12,5	<b>1 054,6</b>	958,1	884,4	756,7
Sluitingsmarkprys	9,5	<b>1 150,0</b>	1 075,0	1 040,0	900,0
Totale dividende vir die jaar		<b>50,0</b>	48,0	61,0	60,0
Finale dividend verklaar		<b>26,0</b>	22,0	31,0	15,0
Interim dividend betaal		<b>24,0</b>	26,0	26,0	45,0
Spesiale dividend betaal		-	-	4,0	-
Persentasie					
Prysboekverhouding		<b>109,0</b>	112,2	117,6	118,9
Dividendopbrengs, ingesluit spesiale dividende		<b>4,7</b>	4,6	6,8	5,9
Dividendopbrengs, uitgesluit spesiale dividende		<b>4,7</b>	4,6	6,3	5,9
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys, ingesluit spesiale dividende		<b>4,5</b>	4,5	6,3	6,3
Aantal keer					
Prysverdiensteverhouding		<b>6,6</b>	10,9	6,8	6,8
Dividenddekking, ingesluit spesiale dividende		<b>2,9</b>	3,0	2,8	2,4
Dividenddekking, uitgesluit spesiale dividende		<b>2,9</b>	3,0	3,0	2,4
AANDEELHOUERSOPBRENGS (%)					
Opbrengs op openingsekwiteit		<b>15,0</b>	15,7	22,3	21,5
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit		<b>14,3</b>	15,5	20,7	20,3
Totale aandeelhouersopbrengs (op openingsmarkprys) (dividende en kapitaalgroei)		<b>11,6</b>	8,0	22,3	(5,9)
Totale aandeelhouersopbrengs (op gemiddelde markprys) (dividende en kapitaalgroei)		<b>11,2</b>	7,8	20,7	(6,3)
PRODUKTIWITEIT					
Bateomsetsnelheid (aantal keer)*		<b>2,0</b>	2,8	3,8	3,7
Inkomste/ekwiteit (aantal keer) *		<b>4,9</b>	7,0	8,7	8,6
Aantal werknemers		<b>1 482</b>	1 443	2 124	2 170
Bedryfswins per werknemer (R'000)		<b>360</b>	337	214	191
Opbrengs op totale bates - VVRB (%)		<b>11,0</b>	12,1	12,0	12,8
Bedryfswins as % van inkomste*		<b>5,3</b>	3,9	3,6	3,8
Effektiewe belastingkoers		<b>26</b>	25	25	27
SOLVENSIE EN LIKIDITEIT					
Ekwiteit as % van netto bates		<b>45</b>	45	47	49
Ekwiteit as % van totale bates (eiekapitaalverhouding)		<b>38</b>	40	40	41
Hefboomverhouding (%)		<b>119</b>	118	109	103
Nie-rentedraende laste as % ekwiteit		<b>45</b>	33	41	41
Finansieringskoste betaal (R'm)		<b>(137)</b>	(124)	(104)	(89)
Rentedekking (aantal keer)		<b>3,7</b>	4,0	5,3	5,4
Bedryfsverhouding		<b>1,8</b>	1,7	2,3	1,7
Vuurproefverhouding		<b>1,2</b>	1,3	1,6	1,3


\*Omset uit voortgesette bedrywighede gebruik

## INKOMSTESTAAT


TOTALE INKOMSTE UIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHED (R'M)




WINS VOOR BELASTING (R'M)



WINS NA BELASTING (R'M)



WINS VOOR RENTE, BELASTING, DEPRESIASIE EN AMORTISASIE (R'M) (EBITDA)




Voortgesette & beëindigende bedrywighede  
Eenmalige items (besigheidskombinasies en herstrukturering)


Voortgesette & beëindigende bedrywighede  
Eenmalige items (besigheidskombinasies en herstrukturering)

## BALANSSTAAT

RENTEDRAENDE SKULD (R'M)



EIEKAPITAALVERHOUDING (%)



TOTALE EKWITEIT (R'M)



HEFBOOMVERHOUDING (%)




# KONTANTVLOEISTAAT

KONTANT GEGENEREER UIT BEDRYWE VS  
NETTO KONTANTVLOEI (R'M)




# EFFEKTIWITEIT EN PRODUKTIWITEIT


BEDRYFSWINS PER WERKNEMER (R'000)




DISTRIBUSIE-, VERKOOPS- EN ADMINISTRATIEWE UITGAWES EN WINSTE AS PERSENTASIE VAN BRUTO WINS (%)



RENTEDEKKING (KEER)



VERDIENSTE VOOR RENTE EN BELASTING (EBIT)




BEDRYFSWINSMARGE (%)




# AANDEELHOUERS


AANDEELPRYS: VERHANDELINGSWAARDE VS NETTO BATEWAARDE (SENT/AANDEEL)




VERDIENSTE PER AANDEEL TEENOOR GENORMALISEERDE WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL (SENT/AANDEEL)




DIVIDEND (SENT/AANDEEL)




PRYSBOEKVERHOUDING (KEER)




WAARDESKEPPING EN WAARDEONTSLUITING VIR AANDEELHOUERS DEUR KAPITAAL EN DIVIDENDE (R'M)




PRYSBOEKVERHOUDING (KEER)



OPBRENGS OP EKWITEIT - OPENINGSEKWITEIT (%)



MARKKAPITALISASIE - SLUITINGSPRYSGEDEELTE (R'M)



# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

SOOS OP 30 APRIL 2015

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2015 R'm	2014 R'm	2015 R'm	2014 R'm

BATES	2015 R'm	2014 R'm	2015 R'm	2014 R'm
<b>Nie-bedryfsbates</b>				
Eiendom, aanleg en toerusting	320	270	259	210
Belegging in filiale	-	-	49	49
Belegging in geassosieerde	-	2	-	-
Belegging in gesamentlike ondernemings	214	241	247	277
Ander finansiële bates	4	4	4	4
Lenings en bedrae ontvangbaar	656	554	656	554
Uitgestelde belastingbate	20	6	15	1
<b>Totale nie-bedryfsbates</b>	<b>1 214</b>	<b>1 077</b>	<b>1 230</b>	<b>1 095</b>
<b>Bedryfsbates</b>				
Voorraad	932	431	703	350
Handels-en ander rekening ontvangbaar	2 180	2 117	2 043	1 999
Ander lenings ontvangbaar	17	170	349	541
Voorraad gehou onder vaste verkoopsverbintenis	323	278	338	255
Afgeleide finansiële instrumente	68	25	67	1
Kontant en korttermyndeposito's	13	30	6	-
<b>Totale bedryfsbates</b>	<b>3 533</b>	<b>3 051</b>	<b>3 506</b>	<b>3 146</b>
<b>TOTALE BATES</b>	<b>4 747</b>	<b>4 128</b>	<b>4 736</b>	<b>4 241</b>
<b>EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE</b>				
<b>Ekwiteit</b>				
Utgereikte aandelekapitaal	1	1	1	1
Aandelepremie	67	67	67	67
Tesourie-aandele	(126)	(121)	-	-
Reserves	3	3	17	2
Behoue inkomste	1 836	1 672	1 766	1 640
<b>Eie ekwiteit</b>	<b>1 781</b>	<b>1 622</b>	<b>1 851</b>	<b>1 710</b>
Nie-beherende belang	17	13	-	-
<b>Totale ekwiteit</b>	<b>1 798</b>	<b>1 635</b>	<b>1 851</b>	<b>1 710</b>
<b>Nie-bedryfslaste</b>				
Rentedraende lenings	1 002	652	1 000	650
Langtermynaansporingsbonusse	5	10	5	10
<b>Totale nie-bedryfslaste</b>	<b>1 007</b>	<b>662</b>	<b>1 005</b>	<b>660</b>
<b>Bedryfslaste</b>				
Handels- en ander rekening betaalbaar	705	423	618	436
Rentedraende lenings	1 117	1 285	1 140	1 296
Ander lenings betaalbaar	42	24	42	26
Afgeleide finansiële instrumente	18	72	18	72
Belasting betaalbaar	7	5	9	4
Korttermynaansporingsbonusse	49	19	49	19
Oortrokke bank	-	-	-	15
Voorsienings	4	3	4	3
<b>Totale bedryfslaste</b>	<b>1 942</b>	<b>1 831</b>	<b>1 880</b>	<b>1 871</b>
<b>Totale laste</b>	<b>2 949</b>	<b>2 493</b>	<b>2 885</b>	<b>2 531</b>
<b>TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE</b>	<b>4 747</b>	<b>4 128</b>	<b>4 736</b>	<b>4 241</b>

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2015

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2015 R'm	2014 R'm	2015 R'm	2014 R'm
Dienste gelewer	474	248	535	253
Finansieringsinkomste	259	203	267	208
Inkomste uit bedryfsaktiwiteite	1 443	2 076	1 197	3 482
Inkomste uit kommoditeitsverhandeling	6 579	8 949	5 890	7 271
<b>Inkomste</b>	<b>8 755</b>	<b>11 476</b>	<b>7 889</b>	<b>11 214</b>
Koste van verkope	(7 576)	(10 609)	(6 762)	(10 398)
<b>Bruto wins</b>	<b>1 179</b>	<b>867</b>	<b>1 127</b>	<b>816</b>
Ander bedryfsinkomste	1	1	8	105
Distribusie-, verkoops- en administratiewe uitgawes en winste	(647)	(381)	(640)	(307)
<b>Bedryfswins</b>	<b>533</b>	<b>487</b>	<b>495</b>	<b>614</b>
Finansieringskoste	(137)	(124)	(139)	(120)
Winsdeel van gesamentlike ondernemings	7	13	-	-
<b>Wins voor belasting uit voortgesette bedrywighede</b>	<b>403</b>	<b>376</b>	<b>356</b>	<b>494</b>
Belasting	(106)	(79)	(76)	(86)
<b>Wins vir die jaar na belasting uit voortgesette bedrywighede</b>	<b>297</b>	<b>297</b>	<b>280</b>	<b>408</b>
Verlies na belasting van beëindigende bedrywighede en bedrywighede oorgedra na gesamentlike onderneming	(50)	(46)	(71)	(43)
<b>Wins vir die jaar</b>	<b>247</b>	<b>251</b>	<b>209</b>	<b>365</b>
<b>Ander omvattende inkomste klassifiseerbaar na wins en verlies, na belasting</b>	<b>(5)</b>	<b>4</b>	<b>1</b>	<b>1</b>
Billikewaardeaanpassing van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate	1	1	1	1
Valutaverskil op die omrekening van buitelandse bedrywighede	(6)	3	-	-
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting</b>	<b>242</b>	<b>255</b>	<b>210</b>	<b>366</b>
<b>Wins toeskryfbaar aan:</b>				
Ekwiteishouers van die houermaatskappy	243	248	209	365
Nie-beherende belang	4	3	-	-
<b>Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:</b>				
Ekwiteishouers van die houermaatskappy	238	252	210	366
Nie-beherende belang	4	3	-	-

## VERDIENSTE PER AANDEEL

	2015 sent/aandeel	2014 sent/aandeel
Basiese verdienste vir die jaar toeskryfbaar aan gewone ekwiteishouers van die houermaatskappy (sent)	143,4	143,9
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	175,2	99,0
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	134,2	137,2
Verwaterde genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	164,0	94,4

## DIVIDENDE VIR DIE JAAR

	2015 sent/aandeel	2014 sent/aandeel
Dividende per aandeel betaal gedurende die jaar	46	61
Vorige jaar finale dividend	22	31
Spesiale finale dividend	-	4
Interim dividend	24	26
Finale dividende per aandeel voorgestel	26	22

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2015

	<b>Uitgereikte aandele- kapitaal R'm</b>	<b>Aandele- premie R'm</b>	<b>Tesourie- aandele R'm</b>	<b>Aandeel- gebaseerde betalings- reserwe R'm</b>	<b>Verande- ring in eienaar- skap R'm</b>	<b>Billike waarde- aan- passing R'm</b>	<b>Buite- landse valuta om- rekenings- reserwe R'm</b>	<b>Behoue inkomste R'm</b>	<b>Nie-behe- rende belang R'm</b>	<b>Totale ekwiteit R'm</b>
<b>GROEP</b>										
<b>Saldo op 30 April 2013</b>	<b>1</b>	<b>67</b>	<b>(19)</b>	-	-	<b>1</b>	<b>3</b>	<b>1 530</b>	<b>10</b>	<b>1 593</b>
<b>Totalé omvattende inkomste</b>	-	-	-	-	-	1	3	248	3	255
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	-	248	3	251
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	1	3	-	-	4
Dividende	-	-	-	-	-	-	-	(106)	-	(106)
Tesourie-aandele aangekoop	-	-	(102)	-	-	-	-	-	-	(102)
Aandele aan nie-beherende aandeelhouers uitgerek	-	-	-	-	(5)	-	-	-	-	(5)
<b>Saldo op 30 April 2014</b>	<b>1</b>	<b>67</b>	<b>(121)</b>	-	<b>(5)</b>	<b>2</b>	<b>6</b>	<b>1 672</b>	<b>13</b>	<b>1 635</b>
<b>Totalé omvattende inkomste</b>	-	-	-	-	-	1	(6)	243	4	242
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	-	243	4	247
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	1	(6)	-	-	(5)
Dividende	-	-	-	-	-	-	-	(79)	-	(79)
Tesourie-aandele aangekoop	-	-	(5)	-	-	-	-	-	-	(5)
Aandele aangekoop vanaf nie-beherende aandeelhouers	-	-	-	-	(9)	-	-	-	-	(9)
Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskema	-	-	-	14	-	-	-	-	-	14
<b>Saldo op 30 April 2015</b>	<b>1</b>	<b>67</b>	<b>(126)</b>	<b>14</b>	<b>(14)</b>	<b>3</b>	-	<b>1 836</b>	<b>17</b>	<b>1 798</b>
<b>MAATSKAPPY</b>										
<b>Saldo op 30 April 2013</b>	<b>1</b>	<b>67</b>	-	-	-	<b>1</b>	-	<b>1 385</b>	-	<b>1 454</b>
<b>Totalé omvattende inkomste</b>	-	-	-	-	-	1	-	365	-	366
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	-	365	-	365
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	1	-	-	-	1
Dividende	-	-	-	-	-	-	-	(110)	-	(110)
<b>Saldo op 30 April 2014</b>	<b>1</b>	<b>67</b>	-	-	-	<b>2</b>	-	<b>1 640</b>	-	<b>1 710</b>
<b>Totalé omvattende inkomste</b>	-	-	-	-	-	1	-	209	-	210
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	-	209	-	209
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	1	-	-	-	1
Dividende	-	-	-	-	-	-	-	(83)	-	(83)
Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskema	-	-	-	14	-	-	-	-	-	14
<b>Saldo op 30 April 2015</b>	<b>1</b>	<b>67</b>	-	<b>14</b>	-	<b>3</b>	-	<b>1 766</b>	-	<b>1 851</b>

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2015

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2015 R'm	2014 R'm	2015 R'm	2014 R'm
<b>Netto kontantvloeい (gebruik deur)/uit bedryfsaktiwiteite</b>	(65)	79	(97)	317
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	575	381	519	357
Dividende ontvang	1	2	-	2
Finansieringskoste betaal	(137)	(124)	(139)	(120)
Belasting betaal	(98)	(46)	(85)	(38)
Dividende betaal	(79)	(106)	(83)	(110)
Verandering in bedryfskapitaal	(327)	(28)	(309)	226
<b>Netto kontantvloeい uit/(gebruik deur) beleggingsaktiwiteite</b>	53	4	118	(365)
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	(89)	(56)	(88)	(54)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	4	3	4	3
Opbrengs met die verkoop van beskikbaar-vir-verkoop finansielle bate	-	1	-	1
Toename van beleggings in filiale	-	-	(19)	-
Toename van beleggings in gesamentlike ondernemings	(2)	-	(2)	-
Dividende ontvang van belegging in gesamentlike ondernemings	7	-	8	-
Netto kontant ontvang met samesmelting van Hinterland	-	94	-	94
Toename in ander lenings betaalbaar aan verwante partye	18	-	16	-
Afname/(toename) in ander lenings ontvangbaar vanaf verwante partye	115	(38)	199	(409)
<b>Netto kontantvloeい voor finansieringsaktiwiteite</b>	(12)	83	21	(48)
<b>Netto kontantvloeい (gebruik deur)/uit finansieringsaktiwiteite</b>	(5)	(102)	-	-
Tesourie-aandele gekoop	(5)	(102)	-	-
Terugbetaling van rentedraende lenings: Langtermyn	(350)	-	(350)	-
Opbrengs uit rentedraende lenings: Langtermyn	350	-	350	-
<b>Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente</b>	(17)	(19)	21	(48)
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	30	49	(15)	33
<b>Kontant en kontantekwivalente - einde van die jaar</b>	13	30	6	(15)



# SEGMENT OORSIG

## SEGMENTINLIGTING

Vir bestuur- en beheerdoeleindes is die Groep georganiseer in bedryfseenhede op grond van hul produkte, dienste en klante wat uit die volgende vier rapporteerbare segmente bestaan:

<b>Finansiële dienste</b> (Senwes Credit & Certisure Groep)	Toestaan van krediet aan landbouprodusente en graankopers. Senwes Credit verskaf landboudienste aan sy groeiende kliëntebasis. Certisure sluit kommissie ontvang op korttermyn-, oes- en lewensversekeringspremies en administrasiefooie in.
<b>Insetverskaffing</b> (Senwes Meganisasie & Hinterland Groep)	Verkope by die handelstakke, direkte verkope van boerderyinsette, benodigdhede en verkope van meganisasiegoedere/onderdelle.
<b>Marktoegang</b> (Senwes Grainlink, Tradevantage & Bunge Senwes)	Inkomste ontvang vir die hantering en berging van landbouprodukte. Kommissie ontvang vir die bemarking van graan. Inkomste ontvang uit die verkoop van eie graan.
<b>Korporatief</b>	Hoofkantordienste, inligtingstegnologie, menslike hulpbronne, eiendomme, vlootbestuur, sekretariaat, regsdienste, korporatiewe bemarking, risikobestuur, interne audit, strategiese ontwikkeling, groepfinansies, korporatiewe finansies, sentrale administrasie, tesourie en direkteure.

Belasting word op 'n groepsbasis bestuur en word nie na bedryfsegmente toegedeel nie. Dienste gelewer tussen verwante partye soos getoon in bedryfsegmente is op 'n armlengtebasis in soortgelyke transaksies met derde partye. Bestuur monitor die operasionele resultate van sy sake-eenhede apart vir doeleindes van die neem van besluite oor hulpbronne en prestasie-evaluering. Segmentprestasie is geëvalueer op grond van bedryfswins of -verlies en konsekwent gemeet teenoor bedryfswins of -verlies in die gekonsolideerde finansiële state.

## SEGMENTINKOMSTE EN -RESULTATE

	GROEP			
	2015 R'm	2014 R'm	2015 R'm	2014 R'm
<b>SEGMENTINKOMSTE</b>				<b>SEGMENTWINS/(VERLIES)</b>
<b>Finansiële dienste (Senwes Credit &amp; Certisure Groep)</b>	<b>219</b>	170	<b>99</b>	95
Bedryfsaktiwiteite	<b>219</b>	170	<b>99</b>	95
<b>Insetverskaffing (Senwes Meganisasie &amp; Hinterland Groep)</b>	<b>1 463</b>	1 552	<b>89</b>	226
Bedryfsaktiwiteite	<b>1 466</b>	1 581	<b>89</b>	80
Intragroepverkope	(3)	(29)	-	-
Wins met die samestelling van die kleinhandelsbesigheid	-	-	-	146
<b>Marktoegang (Senwes Grainlink, Tradevantage &amp; Bunge Senwes)</b>	<b>6 985</b>	9 889	<b>210</b>	85
Bedryfsaktiwiteite	<b>10 798</b>	11 478	<b>210</b>	85
Intragroepverkope	(3 813)	(1 589)	-	-
Normale bedryfsaktiwiteite	<b>8 667</b>	11 611	<b>398</b>	406
Korporatiewe koste	<b>88</b>	15	(65)	(75)
<b>Totale inkomste</b>	<b>8 755</b>	11 626	-	-
<b>Inkomste uit beëindigende bedrywighede</b>				-
Insetverskaffing	-	(150)	-	-
Marktoegang	-	(144)	-	-
<b>Inkomste uit voortgesette bedrywighede</b>	<b>8 755</b>	11 476	-	-
<b>Wins voor belasting uit voortgesette en beëindigende bedrywighede</b>			<b>333</b>	<b>331</b>
Belasting			(86)	(80)
<b>Wins vir die jaar uit voortgesette en beëindigende bedrywighede</b>			<b>247</b>	<b>251</b>
<b>Verlies na belasting uit beëindigende bedrywighede en bedrywighede oorgedra na gesamentlike onderneming</b>			<b>50</b>	46
Insetverskaffing			-	(4)
Marktoegang			<b>50</b>	50
<b>Wins na belasting uit voortgesette bedrywighede</b>			<b>297</b>	<b>297</b>

## NETTO SEGMENTBATES

	GROEP					
	2015 R'm	2014 R'm	2015 R'm	2014 R'm	2015 R'm	2014 R'm
	BATES		LASTE		NETTO	
Finansiële dienste	<b>2 800</b>	2 458	(1 535)	(1 466)	<b>1 265</b>	992
Insetverskaffing *	<b>1 052</b>	694	(730)	(448)	<b>322</b>	246
Marktoegang	<b>752</b>	901	(422)	(466)	<b>330</b>	435
Totale bedrywe	<b>4 604</b>	4 053	(2 687)	(2 380)	<b>1 917</b>	1 673
Korporatief	<b>123</b>	69	(262)	(113)	<b>(139)</b>	(44)
Totale segmentele bates /(laste)	<b>4 727</b>	4 122	(2 949)	(2 493)	<b>1 778</b>	1 629
Uitgestelde belasting	<b>20</b>	6	-	-	<b>20</b>	6
<b>Totaal</b>	<b>4 747</b>	4 128	(2 949)	(2 493)	<b>1 798</b>	1 635

\* Bates sluit die belegging in die gesamentlike onderneming, Hinterland, in van R119 miljoen (2014: R124 miljoen)

## SEGMENT AANTOONBARE ITEMS

	GROEP					
	2015 R'm	2014 R'm	2015 R'm	2014 R'm	2015 R'm	2014 R'm
	KAPITAALBESTEDING		DEPRESIASIE		NIE-KONTANT-TRANSAKSIES*	
Finansiële dienste	-	2	-	-	<b>14</b>	9
Insetverskaffing*	<b>21</b>	4	<b>6</b>	5	<b>(3)</b>	(2)
Marktoegang	<b>51</b>	36	<b>20</b>	20	<b>51</b>	51
Korporatief	<b>17</b>	14	<b>12</b>	11	-	(10)
<b>Total</b>	<b>89</b>	56	<b>38</b>	36	<b>62</b>	48

\*Nie-kontant items bestaan uit voorsienings wat gemaak is.

CF Kruger  
Finansiële Direkteur  
Klerksdorp  
30 June 2015



Lees die volledige Finansiële Verslag  
[www.senwes.co/Finansies2015](http://www.senwes.co/Finansies2015)



# KORPORATIEWE INLIGTING

## NAVRAE OOR HIERDIE VERSLAG

Corné Kruger (Finansiële Direkteur)

Telefoon: 018 464 7476

E-pos: corne.kruger@senwes.co.za

## SENWES BPK

Registrasienummer: 1997/005336/06

## POSADRES

Posbus 31

Klerksdorp

2570

## GEREGISTREERDE KANTOOR

Charel de Klerkstraat 1

Klerksdorp

2571

Telefoon: 018 464 7800

Faks: 018 464 2228

E-pos: info@senwes.co.za

## ETIEK-HULPLYN

080 464 7800

## BELEGGERVERHOUDINGE

Aandag: Die Maatskappye sekretaris

Senwes Bpk

Posbus 31

Klerksdorp

2570

Telefoon: 018 464 7104

Faks: 018 464 7121

## OUDITEURE

Ernst & Young Ing.

Privaatsak X14

Sandton

2146

## FINANSIERINGSVENNOTE

Absa

Nedbank

Rand Merchant Bank

Standard Bank



*Senwes* 